

THE BILINGUAL NEWS MAGAZINE FOR OPINION-FORMERS


Vrye Weekblad

15-21 NOVEMBER 1991 R2,20 (BTW Ingesluit)

EN DIÉ NUWE KRAGDADIGHEID?



Dís hoekom die NP weer begin terugval op goeie ou Boerepolitiek




Springbokke? Watwou!
Hier kom die rooi, groen, blou,
swart, bruin, pienk, wit, geel en
pers **WATSENAAMS!**

- Hoë polisie-spioen in Cosatu ontmasker
- Africa is learning its lesson
- but not from Madiba
- 'n Rit op Soweto se Treine van die Dood
- Xhuzulotswana, SA's new language?
- Krieket: só lyk die toekoms
- Jazzart: Tutus versus Gumboots



9 771015 964007

- 4 Myngeweld: Woordgevegte volg ná bloedbad
- 5 Cosatu-leier ontmasker as polisie-agent
Misdaadgolf: Hoë offisiere verskil oor polisie se vermoë
- 7 Wat lê agter die nuwe kragdadige Boerepolitiek?
- 8 All-Party Conference: Things are looking up
- 9 Thomas Pakenham: The historian as sympathetic outsider
- 11 Kerk van die Skepper: Aanbidders van die wit ras
- 12 Plakkaat-wedstryd / Poster competition
- 14 Hoe's dié vir 'n nasionale simbool?
- 15 Brolloks en Bittergal
Saartjie Baartman, please come back!
- 16 SACC responds to VWB
- 17 Zaire: Apocalypse now?
- 18 Afrika wag op Mandela
- 19 Zambië: 'n Teken van die tyd
- 20 Moordtreine: Die dice val en dis óf jou kos óf jou lewe
- 22 Sportrubriek deur Thinus Horn
- 23 Neville Alexander: How to speak South African
- 24 Die week se TV-prgramme
- 25 TV-rubriek deur Elmar Rautenbach
- 26 Fiction: Eating Fish by Mike Nicol
- 27 Boeke: Manbiot oor die verwoesting van die Amasone-kom
- 28 Jazzart: Jumping at opportunities
- 31 Waiting For Godot revisited
- 32 Sal dié orkeste oorleef? vra Henning Viljoen
- 33 Die liefde maak Ashmar Jamal waansinnig
- 34 Bewaring: Ivoordiewe kou harde bene
- 35 Bewaring: Traffic International kom na Afrika
- 38 Vrye Keuse: Beplan jou naweek saam met die kenners
- 39 Resensies van Voyager en Nongqawuse
Nettie Pikeur knyp 'n tamatie



DIE NUUSTYDSKRIF
VIR MENINGSVORMERS

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike weeklikse nuustydskrif wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. No. 88/40168/06).
Wending Publikasies Beperk en Vrye Weekblad se adres is: Breestraat 153, Newtown, Johannesburg. Die posadres is: Posbus 177, Newtown 2113.
Die telefoonnommer is (011) 836 2151 en die faksnommer 838 5901. Die Kaapstad-kantoor se telefoonnommer is (021) 47 8960 of 47 8819, en die Pretoria-kantoor (012) 834 879.

Redakteur: Max du Preez
Assistent-redakteurs: Jacques Pauw, Andrea Vinassa (Kuns), Ina van der Linde
Politieke korrespondent: Hennie Serfontein
Kopieredakteur: Johan Bruwer
Ontwerp: Anton Sassenberg
Kaapse kantoor: Christelle Terrebanché
Redaksie: Pearlle Joubert, Esma Anderson, Lucky Khuzwayo.
Advertensies: Joyce Dube, Louwrens Potgieter
Redaksie-assistent: Irene Zulu
Kantoorbestuur: Joseph Moetsi, Vernon Zulu.
Bestuurskonsultant tot Wending Publikasies Beperk: Mark Beare

Vrye Weekblad word gedruk deur Caxton Beperk, Kommandoweg, Industria.
Vrye Weekblad kos R2,20 (BTW ingesluit) Dit kos R110 (BTW en aflewering ingesluit) om vir 'n jaar in te teken, en R40 (BTW ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die tydskrif R2,20 plus verkoopsbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenare is by navraag by (011) 497 2911 beskikbaar.
Probleme met verspreiding moet gerig word aan Louwrens Potgieter of Irene Zulu by (011) 836 2151.

Ons wag op die kaptein



MAXDUPREEZ

Ek het 'n geweldige hoë agting vir Nelson Mandela die Mens.

Toe hy nog in die tronk was, het ek in *Vrye Weekblad* aan hom 'n ope brief geskryf. Hy het dit gekry en beantwoord, maar die gevangensdiens wou dit nie deurlaat nie. Maande later is hy vrygelaat en laat dieselfde dag nog laat weet hy ek moet hom kom sien. Ek het 'n gesprek met hom gehad wat my lank sal bybly - oor die demokrasie, menseregte, Afrikaans en Afrikaners, oor 'n vrye pers.

Sy opregtheid en charisma is oorweldigend, en as jy wegloop, weet jy hierdie is 'n baie spesiale mens.

Ek glo steeds dit was dié kwaliteite wat die proses van ingrypende verandering die laaste anderhalfjaar glad en pynloos help maak het, in die wit sowel as die swart gemeenskappe.

Ek het heelwat deernis met Mandela se byna onmoontlike taak as dié

nasionale leier wat ons almal in een nasie kan saamsnoer en boonop die leier van 'n nasionale bevrydingsbeweging met heelwat interne probleme en verdeeldheid. En ek haal my hoed af dat hy op sy ouderdom en ná so 'n bitter tyd van 27 jaar in die tronk nog soveel doen.

Nelson Mandela het nou 'n simbool geword, hier, in die res van

Afrika, regoor die wêreld. Hy is die primêre simbool van vryheid, bevryding, menseregte, menswaardigheid, gelykberegtiging, regverdigheid.

Dit is seker so dat hy nie dié posisie as internasionale simbool van geregtigheid gesoek het nie, maar nou is hy dit. En dit bring 'n sware verantwoordelijkheid daarmee saam.

Dit is hier waar ek soms teleurgesteld is in die rol wat Mandela speel.

My ou vriend André Zaaiman van Dakar se stuk oor bladsy 18 het my weer geprikkel oor 'n saak waaroor ek lankal sterk voel.

André skryf hoe die jeug van Senegal met groot afwagting uitgesien het na Mandela se "groot" toespraak oor die toekoms van ons kontinent met sy besoek daar verlede week. Hulle het vergeefs gewag. Hy het net oor Suid-Afrika en apartheid gepraat.

Toe Mandela 'n tyd gelede in Kenia

BRIEWE

BILTONG IN DIE BROEK

Evita Bezuidenhout van Bapetikosweti skryf:

Die rêrige gemors oor die belaglike NOKSA vlaggie en dinge ruk nou hand-uit.

Sê vir die lesers: die Minister het reeds aanbeveel dat alle Suid-Afrikaanse atlete en sportlui na volgende jaar se Olimpiese Spele spesiale onderbroekies sal ontvang. Hulle is gemaak van 'n oranje, wit en blou vlag, met 'n groen en goue Springbok heel voor.

Dié onderbroekies is eetbaar: as hulle uitgevang word, kan hulle lekker aan hulle subversiewe klere kou. Dit sal juis smaak na óf biltong óf koeksisters óf putupap.

So wees nie bevrees nie. Ons is nog in beheer.

Word dus 'n frokkie-bokkie; dra jou hart onder jou mou.

iVrystaat!

BEHOU SPRINGBOKKE

Louis Serfontein en Shuayb Gallo van Caledon Plein skryf:

Ons meen dat die Springbok-kleure behou moet word as nasionale sport-embleem om die volgende redes:

- Van al die simbole in dié land is daar min wat nie 'n politieke kleur het nie, en uit oortuiging voel ons dat die Springbok-embleem een van die min is.

Keuses wat gedoen is in die verlede, selfs in die "donker dae" van apartheid, het gedui op die behoud van die Springbok. Hetsy boks, ysskaats, rugby of atletiek, die deelnemer het baie keer die nasionale vlag of die volkslied verwerp - maar nog steeds in Springbok-kleure deelgeneem. Onthou maar die keer in 1986 toe Michael du Plessis en andere nie die Vlag en volkslied eerbiedig het nie, maar wel die Springbok. Is dit nie genoeg bewys van legitimiteit en kredietwaardigheid nie?

- Die groen en goud met die Springbok is 'n aanvaarbare erkenning vir almal in dié land. Ek glo nie daar is iemand wat al ooit die groen en

goud gedra het wat nie 'n onbeskryflike trots gevoel het nie. Is dit nie snaaks dat die mense wat so 'n bohaai daarvoor maak mense is wat nie eens naby die groen en goud was nie?

Die een faktor wat Suid-Afrikaanse sport nog altyd wêreldklas gemaak het, was altyd daardie trots. 'n Trots wat gebore is uit 'n lang tradisie van "net as jy die beste is, sal jy dié kleure dra".

Ons sien die vrees in die ander span se oë as ons moet deelneem met 'n koei, of 'n sebra, of 'n grys agtergrond!

- Dit druis ook in teen die einste beginsel van motivering. Dink aan die arme sportman/vrou as hy/sy dié (ewige) embleem aanvaar, word hy/sy aanvaar as 'n Suid-Afrikaner? of 'n sell-out? Die Springbok was nóg nooit 'n twispunt nie. Maak ons dit nou 'n politieke twispunt, vernietig ons die motivering van die meeste sportmanne/vroue in dié land.

Ons stem saam tye verander, ons moet nuwe tradisies skep. Soos die

All Blacks die "ha-ka" het, so kan ons die Springbokke se "toy-toyi" hê.

SPRINGBOK MOET WAAI

Desmond Thompson van Hursthill, Johannesburg skryf:

Die regering se reaksionêre onderrok (met die PW Botha-designer label) het verlede week al weer myle uitgehang. De Klerk, Pienaar en ander paranoïese wittes se arrogante reaksie op Noksa se slagting van die "Heilige Springbok" was ongelooflik. Het hulle nou regtig gedink hulle "Nuwe Suid-Afrika" gaan geen verandering behels nie?

Boonop het Noksa uitermate redelik en versoenend opgetree. Ook maar goed hulle het nie op swart, groen en goud en Nkosi Sikelel' iAfrika besluit nie - die regering sou hulle waarskynlik verban het.

Pienaar se uitspraak dat sport nie gepolitiseer moet word nie, is lagwekkend. Ons het nog nooit ware nasionale simbole gehad nie. Die Vlag, Die Stem en die Springbok is almal Apartheid-simbole wat beslis nie in 'n beter Suid-Afrika hoort nie.

was, het die juriste en joernaliste wat so hard om 'n veelparty-demokrasie en respek vir menseregte baklei, gebid en gehoop dat hy net 'n woord, hoe diplomatie ook al, sal laat val oor die toestand in dié land. Hy het nie 'n woord gerep nie, selfs nie toe hy daarvoor uitgevra is nie.

Dieselfde geld sy onlangse besoek aan Ghana met sy militêre diktatuur, en sy vorige besoek aan Kuba en Zambië voor die verkiesing nog 'n werklikheid geword het.

Mandela en die ANC se verskoning dat hulle nie in die binnelandse sake van ander lande durf inmeng nie, is mos nou somer oneerlike twak. Hulle het al die jare hulle daarvoor beywer dat ander lande hulle met ons sake moet bemoei en selfs ingryp. En met reg.

Nelson Mandela het 'n dure plig en roeping om hom sterk uit te spreek teenoor ongeregtheid en diktatuur in die wêreld, maar veral in Afrika. Wat hy van sy eie landgenote verwag - 'n veelparty-demokrasie, 'n oop, regverdige en verdraagsame gemeenskap, 'n skoon en verteenwoordigende regering - is presies wat hy van elke staat op die vasteland van Afrika moet verwag.

As verdeelde en gepolariseerde Suid-Afrika dit kan regkry, het nie 'n enkele land in Afrika meer 'n verskoning nie.

Ek vind ook sy en die ANC se

liefdesverhouding met Bantu Holomisa van Transkei 'n effe vreemd. Die man is 'n tuislandleier en 'n militêre diktator. Maar net omdat hy die ANC ondersteun, reis hy met rooi tapete die wêreld deur en word hy behandel as 'n nasionale leier.

'n Diktator is 'n diktator is 'n diktator. Of sy naam nou Fidel Castro, Bantu Holomisa, Daniel arap Moi, Jerry Rawlings, Moeammar Ghaddafi of wat ook al is.

Sterk standpunt van sy kant af kan 'n geweldige hupstoot gee vir die demokratiese bewegings in lande soos Kenia, Ghana, Uganda and Kuba.


Mandela het nou genoeg sterk, jong leiers onder hom in die ANC wat sal sorg dat die beweging nie weer die pad byster raak nie - manne soos Cyril Ramaphosa, Thabo Mbeki, Terror Lekota en ander.

Hy kan mos nou bekostig om 'n bietjie uit te styg bo die dag-tot-dag partypolitiek en sy rol as simbool van geregtigheid en versoening meer aktief speel.

Ons het hom nodig en die res van ons vasteland het hom nodig.

As hy dit nie doen nie, gaan die geskiedenis hom hard oordeel. Want niemand anders was nog ooit in Afrika in dié unieke posisie om werklik 'n verskil te maak nie.

Ons wag op die kaptein.



SO SÊ HULLE

TE VEEL ENGELS

Leon le Maître van Westdene, Johannesburg skryf:

Vandat VWB die eerste keer verskyn het, glo ek nie ek het meer as 'n handvol uitgawes gemis nie.

Ek glo nie ek was al ooit regtig teleurgesteld met die publikasie nie (behalwe as Brolloks en Bittergal te lank van die toneel verdwyn).

Ek is egter teleurgesteld dat daar deesdae al hoe meer Engels inkruip. VWB was die enigste Afrikaanse koerant (jammer, dit bly steeds vir my 'n koerant, nie 'n tydskrif nie), wat werklik objektief na dinge kon kyk en die belang van ondersoekende of oopvlekkende joernalistiek onderstreep het. Kortom, 'n koerant met ballas.

Ek gun die Engelssprekendes hulle taal, maar "after all" het hulle publikasies soos Weekly Mail en vele ander. Al wat ons het, is VWB.

VVA KOMBUISTAAL

Francois Smith van Lynnwood Manor, Pretoria skryf:

Hel, vir 'n oomblik het ek gepanic toe ek Vrydagoggend die "bilingual news magazine" op die voorblad sien. Ek wou vroeër, toe julle om reaksie gevra het, reeds skryf en die brief van eks-Swapovegter wat VWB (in Afrikaans) in die bos gelees het, voorhou. Ek het onthou hoe jy Breyten in sy eie idioom op sy moer gegee het en vanoggend was ek bevrees die helfte van Max du Preez se rubriek gaan in Engels wees.

Hoekom nie Xhosa of Sotho nie? Maar dit is waarskynlik 'n hartseer feit omtrent Afrikaans - dat dit ontwikkel

het ten koste van tale soos Xhosa en Sotho. Daarom moet baie van ons nou op Engels kommunikeer.

GP Maluleke van Saselamani se brief (VWB 1-6 Nov) stel nog 'n geldige argument vir tweetaligheid: die Afrikaans word nou ook gelees.

Ek, soos baie ander vir wie dit so tjap is om VWB in Afrikaans te lees, moet egter my hart uitpraat en met apologie aan André Letoit: Viva Kombuistaal!

MEETKUNDE NAGMERRIE

Antoinette Flick, 'n matriekleerling van Magaliesburg, skryf:

('n Dagmerrie is erger as 'n nagmerrie, want jy is klaar wakker!)

Hiermee die oorwoë mening van 'n "diep beswaarde" (mag Genis in vrede rus) matriekleerling wat 'n onderskeiding tussen die sterre sien lok het.

Geen woorde hoef geformuleer te word om dié veelbesproke vraestel te beskryf nie, want iemand anders het dit al in die verre verlede met welluidende passie namens ons gedoen. Ek haal Job se kommentaar aan (effens aangepas).

En Job het gesê: "Mag die dag vergaan waarop dit gebore is, en die nag wat gesê het 'n meetkunde-vraestel is ontvang..."

"Mag dié dag duisternis wees, en geen ligglans daarvoor skyn nie..."

"Mag donkerheid hom opeis, 'n wolkgevaarte oor hom gaan lê, dagverduistering hom verstik."

"Daardie nag - mag donkerheid hom wegruk, mag hy nie bly wees oor die dae van die jaar, en in die getal van die maande nie kom nie."

"Mag die dagvervloekers (dis nou die ouens wat eksplisiet smaaklik en met

oorgawe kan vloek, soos sommige matrose byvoorbeeld) hom verwens, hulle wat die kuns verstaan om die Leviatan (krokodille en ander grille-rige goeters in plein Afrikaans) op te hits."

I rest my case. Job, jy verdien 'n poet laureate toekenning!

Ns. Baie kenners meen dat Job moontlik die een was wat die piramides met groot meetkundige presiesheid ontwerp het. Jammer dit kon nie hy gewees het wat vanjaar se vraestel opgestel het nie, nè. Jammer al die kinders in Suid-Afrika kan nie onder één departement één goeie vraestel skryf nie.

VWB MOET WAKKER SKRIK

Marnus Beyleveldt van Bezuidenhoudsvlei, Johannesburg skryf:

Groot was my teleurstelling toe ek ontdek dat Matt en Tim Sandham nie meer vir VWB skryf nie. Lanse en Drake was die enigste rubriek wat homself nie "ernstig" opgeneem het nie. Ten spyte daarvan is interessante menings gelug en waarnemings gemaak.

Sal iemand asseblief vir Jacques "Moordbende" Pauw keer voordat hy nog bewys dat niemand in die land nié bloed aan sy hande het nie? Genoeg is genoeg, man, jy hoef nie elke week die regering tot 'n val te bring nie.

Findlay se spotprente is veronderstel om snaaks te wees, maar is nie en vice versa vir Max du Preez se redaksionele kommentaar.

Lighten up guys, of glo julle regtig nog dat julle 'n verskil maak?

"It's my business card."
Mother Theresa, when she handed Clive Rice a prayer card in Calcutta.

"Hulle het die BSP se beginsels van verdraagsaamheid en godsdiensvryheid geskend."

Leier van die Boerestaats-party (BSP), Robert van Tonder, oor twee partylede wat kritiek uitgespreek het op die teologie van die Kerk van die Skepper, wat glo in die uitwissing van "nie-blanke rasse".

"Both. I will have to pray more."
Mother Theresa, when asked whom she supports, India or South Africa.

"Dit was 'n beleid wat teoreties te verdedig was..."
Pres FW de Klerk oor apartheid in 'n onderhoud met die Duitse nuustydskrif Der Spiegel.

"I think it's possible that the leader of the National Party can become president, and I actually believe it's probable that we can win a next general election."
Pres FW de Klerk in Israel.

"As enigiets op my ouderdom met my gebeur, het ek niks om my oor te berou nie - ek het genoeg gelewe."
Die Franse rolprentster en sanger Yves Montand, kort voor sy dood.

"A man and a movement who do not know what democracy is..."
The Dutch Anti-Apartheid Movement in a statement protesting against Mangosuthu Buthelezi's planned address of the Dutch parliament on the topic of democracy.

"We cannot wait for political reform before addressing the need for socio-economic reform. The struggles for democracy and bread are both urgent and must start now."
Jay Naidoo, of Cosatu.

Vrye Weekblad plaas graag briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Briewe korter as 200 woorde sal voorkeur geniet, en die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan:

VRYE WEEKBLAD BRIEWE, POSBUS 177, NEWTOWN 2113.

MYNGEWELD:

Ná die bloedbad kom die woordgevegte

Ná die ergste mynwerkers-konflik ooit op die Vrystaatse goudvelde verskil die vakbond NUM en Cosatu hewig met Anglo American en die polisie oor die oorsaak van die bloedbad, skryf **PEARLIE JOUBERT** en **HENNIE SERFONTEIN**

INTIMIDASIE, etniese faksiegevegte, die anti-VAT wegblyksie of 'n derde mag? Dié teenstrydige beskuldigings en aansprake sal almal in die volgende weke intensief deur die Staande Kommissie oor Openbare Geweld en Intimidasië onder voorsitterskap van regter J Goldstone ondersoek word.

In die bloedigste mynwerkerskonflik tot dusver op die Vrystaatse goudvelde is 76 werkers dood en meer as 180 beseer in verskeie gevegte tussen mynwerkers die vorige week by skagte twee en vier van die President Steyn-goudmyn te Welkom.

Die gevegte het die aand voor die nasionale VAT-wegblyksie, wat deur Cosatu uitgeroep is, uitgebreek. Al die werkers is doodgekap met skerp voorwerpe.

Soos dikwels in die verlede met mynstakings is daar nou weer 'n konfrontasie tussen die swart vakbond NUM (Nasionale Unie van Mynwerkers) aan die een kant en die Anglo American mynbase, die regering en die polisie aan die ander kant oor wat werklik gebeur het.

Staatspresident FW de Klerk het dit selfs nodig geag om sy bydrae tot die geskil op 'n buitelandse perskonferensie in Israel te lewer.

Hy het NUM en Cosatu ongenadig aangeval en vir die gebeure verantwoordelik gehou. Sy toetrede was blykbaar deel van die nuwe kragdadige sterkman-beeld wat die NP met sy nuwe aggressiewe strategie probeer projekteer.

De Klerk beskuldig die vakbondlede daarvan dat die gevegte en moorde ontkenen is deur intimidasië-strategie teen diegene wat wou gaan werk. Hy verduidelik die gebeure in simplistiese terme as 'n suiwer Sotho-Xhosa-etniese konflik.

Die polisie beskou dit ook as 'n suiwer etniese geveg en vergelyk dit met drie vorige bloedige Sotho-Xhosa-konfrontasies op die Vrystaatse goudvelde in 1974, 1980 en 1986. Die laaste konflik wat by skag no 4 uitgebreek het, was einde verlede jaar toe swart en wit mynwerkers met mekaar slaags geraak het. Vier mense is in dié gevegte dood.

Woordvoerders van Anglo American glo dit was die gevolge van die veldtog teen VAT.

Maar Marcel Golding, die waarnemende algemene sekretaris van NUM, verwerp al dié beskuldigings ten sterkste. Die skuld word voor die deur van die mynbase en die teenwoordigheid van 'n geheimsinnige "derde mag" gelê.

Patrick Hamnca, 'n assistent vir Golding, sê aan VWB die optrede en houding van die mynbestuur was 'n belangrike oorsaak van die konflik. Hy wys daarop dat die bestuur op die vooraand van die wegblyksie wel aan NUM-beamptes toestemming gegee het om mynwerkers in te lig. Die beamptes het streng opdrag gegee dat daar geen intimidasië van werkers mag wees nie.

Maar sê Hamnca, dis alles ongedaan gemaak deur die mynbase. Want toe die werkers die vergadering verlaat, is pamflette uitgedeel waarin die werkers gewaarsku is dat hulle gepenaliseer sal word indien hulle wegbly - 'n waarskuwing wat die gemoeidere volgens Hamnca laat opvlam het.

Anglo American wil nie op bepaalde beskuldigings antwoord nie omdat die saak nou by die Goldstone Kommissie aanhangig gemaak is. Dié stap beteken dat Suid-Afrikaners waarskynlik nog geruime tyd in die duister sal bly oor wat werklik op Welkom gebeur het.

Anglo American is eers deur NUM aangeval oor dié skuif, en daarvan beskuldig dat dit "politieke munt" daaruit wou slaan.

Maar Anglo American is ook deur Goldstone verkwalik omdat dit sy versoek tot die kommissie openbaar gemaak het in 'n ope brief waarin die verskille met NUM oor die gebeure uiteengesit is.

Golding was dié week op besoek by Goldstone om die ondersoek na die gebeure te bespreek, maar NUM wou nie verder daaroor kommentaar lewer nie.

Die verskillende partye het die volgende te sê gehad oor die redes vir die slagting:


NUM EN COSATU SÊ

'n Woordvoerder sê verlede week daar is drie strydende faksies: " 'n groep Sotho-sprekendes, 'n Xhosa-sprekende groep en 'n groep wat uit albei taalgroepe bestaan". NUM blameer 'n derde mag en sê die geweld is 'n regstreekse gevolg van "die regering en werkgewers se hardkoppigheid".

"De Klerk het 'n soort vingerswaaiende arrogansië geopenbaar wat mens van PW Botha verwag... beledigende beskuldigings en pogings om etniese vyandigheid aan te vuur vorm nie deel van legitieme politieke debat nie," sê Cosatu in 'n persverklaring.

In dié persverklaring sê Cosatu en NUM ook hulle glo daar was 'n "opsetlike en georkestreerde poging" om geweld en destabilisasie aan te vuur en die VAT-wegblyksie in diskrediet te bring.

Die polisie sê die feit dat ten



Werkers van die President Steyn-goudmyn op pad huis toe na gevegte die laaste tien dae. (Foto: Stephan Davlmes / The Star.)

minste een van die mense wat dood is, nie 'n werknemer van die myn was nie, kan dié derde mag-aantygting verstewig.

Volgens dié vakbond, wat by Cosatu geaffilieer is, het Anglo American besluit om al die hostelbewoners volgens hul verskillende tale in hostelle in te deel. Diegene wat nie dié besluit wil gehoorsaam nie, beweer NUM, sal glo onmiddellik deur Anglo afgedank word. NUM sê ook die huisvesting van mynwerkers volgens hul etniese afkoms sal net verdere konflik en geweld veroorsaak.

Volgens NUM het Anglo American 'n ultimatum aan mynwerkers van die nommer twee skag gerig wat sê indien die werkers nie teen Donderdag (gister) hul werk hervat nie, kan hulle afgedank word. Ná samesprekings kom NUM-vertegenwoordigers met die polisie ooreen om ontwapen te word onder toesig van NUM-lede.

NUM-woordvoerders en die president van Cosatu, Jay Naidoo, kritiseer FW de Klerk se opmerkings oor die redes vir die bloedvergieting en sê De Klerk se opmerkings is teenstrydig met die gees van die Vredesverdrag. De Klerk het dié week in Israel gesê die geweld is 'n gevolg van die landwyse VAT-staking wat deur Cosatu uitgeroep is. De Klerk het gesê stakende Xhosas en nie-stakende Sotho's het die geweld begin.

DIE POLISIE SÊ

Die polisie sê die eerste aanvalle het heel waarskynlik plaasgevind toe vyftien werkers verlede Sondag vermoor is in gevegte tussen stakers en nie-stakers oor die VAT-wegblyksie. Volgens die polisie is daar geen aanduidings dat die aanvalle van buite die myne geloods is nie, maar dat dit 'n "goed beplande, fyn gerigte wraak-aanval was".

Eers meen die polisie dat poli-

tekie verskille die geweld kon veroorsaak het, maar later sê hulle dit lyk nie asof enige politieke of ideologiese verskille aanleiding tot die gevegte gegee het nie.

Luit-kol Johann Fouche, woordvoerder van die polisie, sê dit lyk asof die gevegte tussen Sotho en Xhosa-sprekendes uitgebreek het.

Die polisie ondersoek aantygings dat van die mense wat in gevegte dood is, nie werknemers by die myn was nie.

ANGLO AMERICAN-KORPORASIE SÊ

'n Woordvoerder van Anglo American sê gevegte het uitgebreek tussen Sotho-sprekende en Xhosa-sprekende mynwerkers. Volgens Anglo het die gevegte uitgebreek toe ondersteuners van die VAT-staking 'n groep mynwerkers aangeval het wat wou gaan werk tydens die tweedaagse landwyse wegblyksie.

'n Kommissie van ondersoek word ook deur Anglo aangestel om die moorde te ondersoek. Die Staande Kommissie van Ondersoek na Geweld en Intimidasië, wat onder die Vredesverdrag van 14 September aangewys is, sal ook die voorval ondersoek.

Myn-owerhede stuur tussen 4 000 en 5 000 mynwerkers na hul verskillende tuislande om "af te koel" en sê die werkers sal eersdaags teruggeroep word sodra die situasie kalmeer het. Die eerste werkers het reeds teruggekeer na die myn.

Volgens 'n woordvoerder van Anglo American sal die werkers nie betaal word vir die dae wat hulle by die huis is nie. Die woordvoerder sê ook dat diegene wat uitgeken kan word as deelnemers aan die geweld, dissiplinêr vervolgt gaan word. 'n Anglo-woordvoerder, James Duncan, sê al die werkers sal hopelik Donderdagaand (gisteraand) terugkeer werk toe.

Bestem vir Grootshheid

Jare lank het L'Ormarins navorsing gedoen na die beste plantmateriaal om superieure Chardonnay-wyn hier in Suid-Afrika te maak. Minstens 17 verskillende klone uit Frankryk is gekweek en getoets. Die resultaat - uit 'n ryklik geskakeerde versnit van die beste, kry u

L'ORMARINS Superieure Chardonnay

Hierdie Chardonnay is gebore uit die toegewyde strewe na die beste wat sedert sy vrystelling wêreldwye lof ingeoos het.

- Oesjaar 1987 • **Klassifikasie: Superieur**
- Oesjaar 1988 • **Gekies vir SAL Blou Diamantklas**
- Oesjaar 1989 • **Goue medalje - "International Wine & Spirit Competition", Londen**
- **"Grand Gold" medalje - Monde Selection, Brussel**



Gevestig 1694 deur die Franse Hugenoot Jean Roi

Besook L'Ormarins en kom proe sy wyn.
Vir navrae, skakel (02211) 4-1026.

Leier van Cosatu ontmasker as POLISIE-AGENT

Een van die mees senior en gerespekteerde vakbondleiers in Suid-Afrika is vandeeweek as 'n vermeende polisie-agent ontmasker en afgedank. Die beweerde polisie-werwing van **Max Xulu**, president van Numsa, moet as die mees suksesvolle polisie-infiltrasie in die geskiedenis van die vakbondwese beskou word. **JACQUES PAUW** doen verslag



Max Xulu ... ontmasker as 'n polisie-agent.

DIE SA Polisie se mees suksesvolle penering van die vakbondwese ooit het vandeeweek waarskynlik tot 'n einde gekom toe die president van die grootste vakbond binne Cosatu glo as 'n polisie-agent ontmasker en in die pad gestee is.

Maxwell Sibuso Xulu, 43, president van die National Union of Metalworkers of South Africa (Numsa), was volgens intelligensieverslae van die ANC en Cosatu die laaste sewe jaar 'n agent van seksie A2 van die veiligheidspolisie. Sy hanteerder was ene adjutant-offisier Brown. Numsa beskik glo oor bewyse dat Xulu vir Brown minstens 34 keer ontmoet het.

Xulu, 'n vloerbestuurder (shop steward) by 'n fabriek in Durban, het vandeeweek in 'n onderhoud met VWB bevestig dat die sentrale komitee van Numsa hom vandeeweek met getuienis gekonfronteer het oor sy beweerde betrokkenheid by die SA Polisie. Hy ontken dat hy ooit 'n polisie-spioen was.

Xulu sê hy het nie die kans gehad om Numsa se getuienis, wat uit dokumente en 'n bandopname bestaan, te bestudeer nie. Hy dring daarop aan dat 'n tribunaal van Numsa hom moet verhoor sodat hy 'n kans kan kry om sy kant van die saak te stel.

Xulu sê Numsa se suspisie berus op 'n misverstand. Hy sê hy het in die laaste jare voorligtingsessies en ontmoetings met 'n verskeidenheid van mense en belangstellendes gehad. Die idee kon ontstaan het dat hy bande met verdagte mense het, sê Xulu.

Xulu is in 1985 met die stigting van Cosatu as dié vakbondbeweging se eerste nasionale tesourier verkies en het dié amp vier jaar lank beklee voordat hy in 1990 tot president van Numsa verkies is. Numsa verteenwoordig 270 000 lede en is die grootste vakbond binne Cosatu, wat meer as een miljoen werkers in Suid-Afrika verteenwoordig.

Xulu se posisies binne Numsa en Cosatu het hom toegang verleen tot die vakbondwese se mees sensitiewe inligting en tot die hoogste besluitneming. Vakbond-ampnare probeer nou nog vasstel presies wat se skade Xulu kon aangerig het.

Die laaste jare bestaan daar 'n vermoede binne Cosatu dat daar 'n top-ampenaar is wat as polisie-agent optree en sensitiewe inligting aan die veiligheidsmagte uitblaker. Verskeie ampnare binne Cosatu is al van spioenasie verdink, maar vandeeweek is Xulu deur vakbondampnare gekonfronteer en Maandag deur Numsa se sentrale komitee afgedank.

Intussen blyk dit dat Numsa die voorval - wat in sekere kringe as 'n skandaal en 'n verleentheid beskou word - probeer dig hou. Die sekretaris-generaal van Numsa, Moses Mayekiso, het Xulu se ontmaskering vandeeweek as 'n "interne politieke aangeleentheid" beskryf en wou nie verder kommentaar lewer nie.

Teen gistermiddag het Numsa egter in 'n verklaring bevestig dat daar "oorweldigende getuienis" teen Xulu bestaan dat hy 'n polisie-agent is. Numsa sê dat hy gekors is.

Die hoof van die polisie se afdeling misdaadvoorkoming en inligting en gewese hoof van die veiligheidspolisie, luitgenl Basie Smit, het vandeeweek gesê dat die polisie nie kommentaar lewer op die identiteite of werksaamhede van polisie-agente nie.

Kort voordat Xulu afgedank is, is hy benoem as 'n afgevaardigde van Cosatu in die Natalse strukture van die Nasionale Vredesverdrag. Volgens VWB se inligting was dit juis dié benoeming wat Numsa aangespoor het om so gou moontlik van Xulu ontslae te raak.

Xulu het die afgelope dekade 'n belangrike rol in die metaal-vakbondwese in Suid-Afrika gespeel. Hy is in 1978 tot die uitvoerende bestuur van die Metal and Allied Workers Union (Mawu) verkies en is drie jaar later as die Natalse voorsitter van dié vakbond verkies. Hy is in 1984 as die president van Mawu verkies - dieselfde jaar waarin hy glo as polisie-agent gewerf is. Hy is kort daarna as Cosatu se eerste nasionale tesourier verkies.

Hoewel hy dié amp vier jaar lank beklee het, word hy deur van sy kollegas onthou as iemand wat 'n lae politieke profiel gehandhaaf het. Hy het byvoorbeeld selde betrokke geraak by die vurige politieke debatte binne Cosatu.

In Jeremy Baskin se boek *Striking Back, A History of Cosatu* word Xulu as volg beskryf: "Xulu was not active in party politics. As a child he remembers Chief Luthuli holding an ANC meeting in his township, where his aunt was secretary of the local branch. In the early 1970s he was sympathetic to Inkatha's revival, but he never became active."

"Xulu's political thinking developed largely through the union movement. He believes 'in socialism and the emancipation of the working people. Some people call me a workerist. I believe that if we change the colour of the government but keep the same policies then there will be no difference for ordinary people'."

Agtër die skermis het Xulu egter 'n meer prominente rol gespeel. In 1987 het hy byvoorbeeld 'n deurslaggewende rol gespeel in die ontmoeting tussen 'n afvaardiging van die SA Kommunisteparty en die ANC en Numsa in Londen. Xulu het tydens dié ontmoeting gehelp om spanning tussen die ANC en Numsa uit die weg te ruim.

Xulu het ook 'n belangrike rol gespeel in ontmoetings tussen Cosatu en die ANC voordat dié beweging gewettig is. Hy is ingesluit in 'n gesamentlike afvaardiging van Cosatu en die UDF wat in Natal samesprekings met Inkatha gevoer het.

Bronne in Cosatu sê daar het twee jaar gelede reeds 'n vermoede ontstaan dat Xulu 'n polisie-agent kan wees en Numsa is daarvan in kennis gestel. Dié suspisie kon egter nie bevestig word nie, maar het onder meer daartoe gelei dat hy nie vir 'n derde termyn as tesourier van Cosatu verkies is nie. Weens die gebrek aan bewyse in daardie stadium is hy wel tot president van Numsa verkies.

Hoë polisiemanne verskil oor polisie se vermoëns

Meningsverskil bestaan tussen die Kommissaris van Polisie en sy mees senior generaal oor die omvang van misdaad en die polisie se vermoë om dit op te los. **JACQUES PAUW** doen verslag.

KAN die SAP nog enigsins misdaad hanteer? Ja, sê die Kommissaris van Polisie vandeeweek, misdaad styg in 'n laer tempo en meer misdadigers word aangekeer.

Een van sy senior adjunk-kommissarisse verskil egter skerp van hom: misdaad neem dramaties toe en kan nou as endemies beskou word. Die persentasie onopgeloste sake neem al hoe meer toe.

Die Kommissaris van die SAP, Johan van der Merwe, sê vandeeweek op 'n perskonferensie: "Ofskoon ernstige misdaad die afgelope jaar gestyg het, het dit in 'n laer tempo as die vorige jaar gestyg. Hierdie verbetering in die misdaadsituasie is die gevolg van die herstrukturering van die SAP en harde werk wat veral daartoe bygedra het dat 'n groter aantal misdadigers aangekeer en meer sake opgelos is."

Van der Merwe sê dis 'n valse aantyging teen die polisie dat misdaad en veral politieke moorde só toegeneem het dat die polisie dit nie meer kan beheer nie. Die Kommissaris het ook klem gelê op die sukses van "sigbare polisie-optrede" in die bekampings van misdaad.

VWB het verlede week in besit gekom van 'n brief van lt-genl Mulder van Eyk (Suid-Afrika se tweede mees senior polisieman), gedateer 8 Oktober 1991, waarin hy op die oog af skerp van Van der Merwe verskil oor die misdaadsituasie. Dit lyk asof die Kommissaris 'n meer rooskleurige prentjie van misdaadbekampings geskets het as wat werklik die geval is.

Van Eyk sê in sy brief, gerig aan alle afdelingshoofde: "Misdadpleging in Suid-Afrika het die afgelope twee jaar dramaties toegeneem. Hierdie toename het dermate geëskaleer dat dit as endemies getipeer kan word. In 'n poging om hierdie misdaadpleging die hoof te bied, is fondse deur die Kabinet bewillig vir die uitbreiding van die getalserterkte van die Mag."

Van Eyk meld dat 34 441 polisiemanne tussen Januarie 1990 en Augustus vanjaar aangestel is en voeg by: "Hierdie aansienlike uitbreiding in mannekrag het klaarblyklik geen waarneembare uitwerking op die pleging van ernstige misdaad gehad nie."

In 'n aanhangsel tot sy brief, waarin misdaadstatistiek verskaf word, sê Van Eyk: "Oplossingsyfers vertoon gereeld afnames."

Van Eyk voeg in sy brief verder by dat die uitbreiding van die polisiemag 'n oorbemanning van administratiewe kantore teweegbring het. "Dit kom daarop neer dat daar in die praktyk 'n vermeerdering van administratiewe personeel plaasgevind het, maar dat sigbare polisie-optrede nie tot sy reg kom nie."

Van der Merwe het op sy perskonferensie gesê daar was van Januarie tot Augustus vanjaar 7,74 persent meer inhegtenisnemings as in die ooreenstemmende tydperk verlede jaar. Volgens die Kommissaris is tussen Januarie en Augustus 1991 altesame 32 283 meer sake opgelos as in die ooreenstemmende tyd 'n jaar tevore.

Van Eyk wys daarop dat daar tussen Januarie en Junie vanjaar 'n toename van 11,11 persent in misdaadvoorvalle was teenoor Januarie en Junie verlede jaar.

Van der Merwe erken dat misdaad toegeneem het, maar sê die styging is kleiner as die styging verlede jaar. Die styging in die aantal gewapende rooftogte, huisbrake en veediefstalle was minder as die styging verlede jaar. In 1990 het die aantal moorde met 28,57 persent toegeneem. Vanjaar het die aantal moorde teenoor verlede jaar met net 2,55 persent gestyg.

Van der Merwe het verder bekend gemaak dat die polisie 'n deurbraak gemaak het in die moord op die Kaapse ANC-leier en gewese streeksdirekteur van Idasa, Pro Jack. Die polisie het op 'n vuurwapen in Kaapstad beslag gelê wat verbind word met die moord op Jack. Dié vuurwapen word ook verbind met die moord op 'n polisieman en verskeie aanvalle op die polisie.

Vrye Weekblad

'n Boek vir Kersfees

Vrye Weekblad se gemiddelde leser is 'n spesiale persoon: volgens 'n opname van ons lesers het hy/sy waarskynlik minstens een universiteitsgraad en verdien hy/sy meer as R4 500 per maand. Dus 'n innoverende, denkende, self-motiverende persoon.

Dit beteken hy/sy is waarskynlik ook 'n leser en koper van goeie boeke. Die gewildheid van ons boekeblaaie en boekebylae staaf dié vermoede.



Daarom het *Vrye Weekblad* besluit om 'n spesiale bylae oor die beste boeke wat in Suid-Afrika beskikbaar is, in die uitgawe van 6 Desember te publiseer as 'n gids vir lesers wat boeke vir Kersgeskenke wil koop. Ons beplan om 'n kort beskrywing van elke boek en, waar moontlik, ook 'n reproduksie van die omslag, te publiseer.

(Synde 'n tweetalige nuustydskrif, sal die bylae ook tweetalig wees.)

Die bylae sal selfs van groter waarde wees vir lesers as die uitgewers en boekhandelaars húl voorstelle vir boeke as Kersgeskenke ook in die bylae adverteer.

Hier is dus 'n baie spesiale aanbod: R1 800 vir 'n volblad-advertensie en R800 vir 'n halwe blad. (Die gewone prys is R2 700 en R1 400.)



Ons het ook spesiale "kennisgewingbord"-bladsye waar kleiner sake en individuele boeke geadverteer kan word. Die grootte van elke blok is 80mm diep by 55mm, daar is sestien blokke per bladsy en elke blok kos R180.

Die finale spertyd vir besprekings is 26 November, en die spertyd vir materiaal is 2 Desember.

Ons gaan ons bylae as DIE lys van Boeke vir Kersfees adverteer, so maak seker julle is 'n deel daarvan!

Skakel my vandag nog in Johannesburg by tel'836 2151 of fax 838 5901, dan gesels ons oor groottes en posisies en wat jy ook al wil weet of voorstel.

Elize Viljoen



Wat lê agter die nuwe

KRAGDADIGE BOEREPOLITIEK?

Daar is skielik 'n nuwe NP-kragdadigheid in die lug. Die liewe, besadigde, diplomatieuse FW de Klerk begin skielik ook dikvinger swaai en kwalik-verskuilde dreigemente aan opponente rig. Kabinetsministers gebruik oorlogstaal teenoor die ANC. Die Afrikaanse koerante se histerie slaan weer plek-plek uit, amper soos in verkiesingstyd. Dit klink weer soos goeie Boerepolitiek uit die ou dae. Wat het tot dié nuwe aanslag aanleiding gegee? Was die meeste van ons toe verkeerd oor FW se opregtheid met die 'Nuwe Suid-Afrika'? Begin die NP kleinkoppie trek oor die demokrasie? **MAX DU PREEZ** probeer antwoorde gee

DIE tekens was eintlik al lankal daar vir dié wat dit wou raaksien. Maar dit het eintlik maar die laaste week of drie só flagrant geraak dat 'n mens dit nie kon mis nie. En dit het gekulmineer in De Klerk se aggressiewe aanval op die ANC tydens die Transvaalse NP-kongres verlede week. Die ANC is "nie meer te vertrou nie" en is "in die kloue van radikale en kommunistiese organisasies".

De Klerk en Hemus Kriel van Wet en Orde het albei met spiere wat op hul kakebene bult, gesê die "regering sal nie terugkram vir sterker maatreëls nie", wat almal laat dink het - en seker so bedoel was - dat daar weer 'n inperking van vryhede soos 'n noodtoestand kan kom. Ou styl.

Daarna het Barend du Plessis en elke minister wat sy mond oopgemaak het, skerp aanvalle op Jay Naidoo en Cosatu gedoen.

Toe gryp De Klerk, Louis Pienaar en ander kollegas skielik die sportvlag en embleem aan en sweep die wit en Afrikaanse emosies daarvoor op soos PW Botha dit nooit gedoen het nie.

Die NP se koerante kry die teken en hardloop met dié histerie totdat dit aan flagrante rassisme grens: Sam Ramsamy (en Naidoo) is dan net Indiërs, wie gee hulle die reg om enige invloed te hê en namens enigiemand te praat? ("Wie is jy, mnr Sam Ramsamy? Wat SA se landsvlag vir 'n 'stuk Josefskleed-lap' verruil en die Volkslied misken?" vra Rapport op sy voorblad. En in 'n hoofartikel: "Die Vlag kan vuur word.")

'n Minister verklaar aan die Sondagkoerante: "Ons is nou gatvol vir die ANC. Nou gaan ons die skroewe aandraai."

En laat dié week kom Gerrit Viljoen met nog 'n striemende aanval op Nelson Mandela oor dié gesê het die Veelparty-konferensie begin op 29 November, en nie gewag het dat daar 'n gesamentlike aankondiging kom nie. En dit terwyl die sekretaris-generaal van sy eie party, Stoffel van der Merwe, die datum al 'n week tevore in onderhoude aan verslaggewers gegee het.

Die Sunday Times skryf Sondag in 'n raak hoofartikel: "The NP, taunted beyond endurance, has reverted in recent days to the style of bluster and threat that made men like John Vorster and PW Botha objects of derision abroad and loathing at home."

Om te verstaan wat nou aan die gang is, dink ek moet 'n mens onmiddellik een ding besef wat mense soms in hul blinde verering vir De Klerk miskyk: Hy het nooit 'n ervaring op die pad na Damaskus gehad voordat hy op 2 Februarie verlede jaar sy dramatiese veranderinge aangekondig het nie. Dit was bloot goeie strategie - "enlightened self-interest" sou 'n mens dit

op Engels kon noem. Hy het nie oomag in 'n nie-rassige demokraat verander nie.

Dit is hoekom De Klerk nog nooit bereid was om te verklaar dat hy jammer is oor apartheid en aan slagoffers daarvan apologie aan te bied nie. En toe dit in 'n onderhoud in 'n Japanse koerant lyk of hy dit wou doen, toe reik sy kantoor gou 'n verklaring het om te sê dit was g'n apologie nie.

As 'n mens nie faktore soos De Klerk se persoonlike politieke sienings in ag neem nie, kan 'n mens nie sy en sy party se gedrag verstaan nie.

PW Botha het ook sy termyn met 'n groot gees van hervorming afgeskop en gou die ergste van die apartheidswette, die paswette, geskrap. En dit was hy wat eerste die moontlike vrylating van Mandela en die wettiging van die ANC genoem het. Maar Botha het die res van sy termyn daaraan bestee om die sneeubal van hervorming wat hy aan die rol gesit het, te probeer stop. Dit is die verskil tussen hom en De Klerk: De Klerk het geweet hy kan die sneeubal wat hy aan die rol gesit het, nie gekeer kry nie. Sy strategie is om die sneeubal te stuur in die rigting wat hy dit wil hê.

Natuurlik het hy in die proses sedert Februarie verlede jaar heelwat geleer en aangepas en verander. Sy noue kontak met mense soos Mandela en Thabo Mbeki, én sy nuutgevonde populariteit en noue bande met Westerse en Afrika-leiers, het sonder twyfel heelwat aan sy styl en siening geskaaf.

Maar ek kan nie help nie om steeds die indruk te hê dat hy en die manne rondom hom nog altyd geglo het hulle gaan bepaal hoe dinge ontwikkel; hulle sal die pas van verandering dikteer; hulle sal mag en inisiatief net prysgee soos en wanneer dit hulle pas.

In die begin was dit maklik. In die euforie van die nuut-ontdekte affiniteit tussen Afrikaner en Afrikaan tydens die eerste ontmoetings tussen die ANC en die NP en die goodwill wat uit die buitewêreld aangespoel gekom het, kon dinge toegelaat word om net te gebeur. Die NP-strategie het uitstekend gewerk: beset die morele hoë grond, buig agteroor om boelangs gaaf te wees met die ANC, maar weet intussen dat die ANC hopeloos oneffektief en ongeorganiseer en selfs verdeel is ná al die jare in ballingskap en ondergronds wees. 'n Mens kan bekostig om vriendelik te wees met 'n swak vyand, veral as jy nog daarvoor aangeprys word en sanksies en boikotte begin tuimel.

Daar is 'n ander aanwyser wat ons nie uit die oog moet verloor nie. De Klerk was van die eerste dag af geweldig traag om sy veiligheidsmagte en veral die klandestiene operateurs in die bek te ruk. Tot betreklik onlangs het hy ook goed gesorg dat hy anderkant toe kyk met die geweld wat die

townships bleek gebloei het. Aan diplomate is gefluister dat hy nie die delikate balans met die veiligheidsmagte wou versteur nie, maar ek koop dit lankal nie meer as die enigste verklaring nie.

Dit klink rof, maar ek glo vas die regering en sy veiligheidsadviseurs het die geweld beskou as iets wat op die lang duur in hulle guns was, in die sin dat dit die swart gemeenskappe en die ANC ondermyn en destabiliseer en die druk uit die buiteland vir vinniger verandering laat verminder het.

Die De Klerk-regering het eers begin strem dikmaak met geweld toe dit heeltemal hand-uit ruk en die vertroue in die ekonomie ernstig begin ondermyn.

As ek nou terugkyk, dan lyk dit vir my of daar drie stadiums in die De Klerk-strategie jeens die ANC kon wees: die eerste was om die ANC te ko-opteer in die planne vir 'n geleidelike oorgang weg van apartheid. Dit het amper gewerk.

Dié strategie het plek gemaak vir 'n nuwe optimisme dat die NP inderdaad die ANC sou kon verslaan by die stembus - die ou storie dat as Swapo met sy sterk stambasis so swak gevaar het, die ANC waarskynlik ook sou; en dat die NP kon staatmaak op die steun van die meeste bruin en Indiër-kiesers plus Inkatha plus sommige tuislandpartye plus konserwatiewe township-inwoners.

Maar die ANC se hoogs suksesvolle eerste nasionale kongres in Julie het dinge anders laat begin lyk. En toe kom die ewe suksesvolle loodsing van die Patriotic Front saam met die PAC en 'n horde ander groepies.

Die wegbly-aksie van voorverlede week met driekwart van die swart werkers wat tuisgebly het; die byna algehele gebrek aan intimidasie; en die klaarblyklike nuwe dissipline wat gesorg het dat daar, buiten die President Steyn-myn, byna geen geweld was nie en dat die kinders bly eksamen skryf het, het die regering sy melk laat wegstrik.

Nou begin 'n strategie wat altyd maar onderlangs saam met die ander ingespan is, voorrang kry: verlam, ondermyn en verdeel die ANC.

Daar is 'n paar ander faktore wat ook hier in berekening gebring moet word. Een is sonder enige twyfel die vlaag ongekende misdaad wat soos 'n veldbrand deur veral die stede begin woed het, en die uitwerking wat dit op die wit publiek het.

Die ander faktor is dat dit nie so goed gaan met die ou plannetjies van 'n Christelik Demokratiese Alliansie (DTA-opsie) nie. Inkatha, 'n sleutel-bondgenoot in die alliansie, se steun was duidelik al die tyd hopeloos oorskakel en staan waarskynlik onder 5 persent nasionaal gereken. Boonop het die pennie nou uiteindelik ook by die

NP-leiers gedrop: Mangosuthu Buthelezi is 'n gevaarlike, onvoorspelbare en onstabiele bondgenoot.

Voeg daarby dat Oupa Gqozo van Ciskei toe nie die groot leier van aansien is wat die NP gehoop het nie; dat Transkei min of meer bankvas agter die ANC staan; en dat die hoop dat heelparty ander tuisland-inwoners die PF ten gunste van die NP-alliansie gaan verwerp, in die sand weggesypel het.

Gooi nog 'n faktor in die pot: die NP-regering het nou byna al die belonings gekry wat daar te krye was met die hervormings: sanksies en boikotte het gewaai; oorvlugregte is toegestaan; FW en Pik Botha is welkom in die hoofstede van Afrika, Europa, Noord-Amerika, Australië en die Sowjet-Unie.

Kortom: die glans van die Nuwe Suid-Afrika is aan die verdof. Die tyd het aangebreek dat 'n oordrag van die politieke mag van die wit minderheid na die totale bevolking moet begin plaasvind; en dat die reusagtige gaping tussen die wit haves en die swart have-nots daadwerklik vernou moet word.

Die Nuwe Suid-Afrika moet nou daadwerklik gestalte kry - wat ook beteken ons kan nie nog drie jaar wag vir 'n ander vlag as die apartheidstaat se Oranje, Blanje Blou en Die Sterm nie.

Dis net hier waar die De Klerk-regering se geesdrif yl raak.

Want hulle was nie emosioneel of andersins voorbereid om die volle konsekwensies van die Nuwe Suid-Afrika wat hulle self geskep het, te aanvaar nie.

Weens hulle arrogansie en onkunde gebore uit geslagte van Afrikaner-oorheersing en apartheid, het hulle eintlik maar gedink hulle sal nie soveel moet prysgee wanneer 'n demokrasie ingestel word nie. En die oomblik van waarheid het aangebreek.

Ek deel nie kollega Hennie Serfontein se optimisme op die volgende bladsy dat die onderhandelinge seëp glad gaan verloop en 'n skikking amper net 'n formaliteit is nie.

Maar ek dink ook nie selfs ná alles wat ek hierbo gesê het, dat De Klerk en sy regering gaan probeer wegkom van onderhandeling vir 'n veelparty-demokrasie in een Suid-Afrika nie.

Ek dink net die De Klerk-regering gaan nog baie truiks en vinnige voetwerk uithaal en die ANC hel gee in die jaar of wat wat voorlé.

Hulle sal aan die nek gevat moet word (n ingedwing moet word om 'n fundamenteel veranderde gemeenskap in 'n volwaardige demokrasie te aanvaar waarin hulle nie meer mag sal hê as wat hul ondersteuning werd is nie.

a solid base of

UNDERSTANDING

Substantial political understanding and a growing consensus between the ANC, the NP government and other important political parties have emerged during the past few weeks after lengthy and intense private discussions, writes an optimistic **HENNIE SERFONTEIN**



Oscar Dhlomo



Frederik van Zyl Slabbert

THE new consensus involves much more than a basic agreement on where, when and how the All Party Conference (APC) is to be held. The basis for a subsequent consensus and possible compromise on delicate issues still to be formally discussed by the working committees of the APC - also known as the Multi-Party Conference - have also already been laid down in these ongoing talks.

A key ANC person involved in the negotiations stated categorically to VWB: "There is every reason to be cautiously optimistic. Once all the parties sit down at the table of the APC in two or three weeks' time, we would be 50 percent on our way towards a new constitution and a political settlement.

"In fact, the past 18 months of talks about

talks, removing obstacles to talks and finalizing the arrangements for the APC, will be the most difficult part of the negotiating process. Thereafter it should be relatively easier, although continuous hiccups can be expected as the road is bound to be bumpy. But with our present preliminary informal discussions, we are ensuring that all future problems can be overcome."

Looking at the agreement involving the APC and other related issues, it is clear that one can describe it as a "breakthrough" in the negotiating process. What makes it so remarkable, is that all this has happened quietly, unobtrusively at a time when the ANC and the government have been involved in a series of bitter public confrontations involving issues such as the VAT stayaway, sport squabbles and the blistering attack on the ANC by State President FW de Klerk.

Although improvisation is an accepted part of the curriculum of all ballet and contemporary schools, Hinkel (a UCT Ballet School graduate) and his fellow teachers have revolutionised the concept, deriving their performance pieces via workshoped improvisations. There's not much talk of the perfect developpé or contraction. "I can't teach steps, dancers must be part of the creative process."

He quotes Carol Horwitz (*The Politics of Improvisation*) to elucidate his methods: "Of all dance forms improvisation is probably the most political, because it contains the urgency of immediacy. Improvisation forces people to make decisions on their feet and to live with those decisions. It helps people to see how the decisions affect others. When done by groups of people, it has everything to do with learning to work with others, not competing but working with the idea of the total picture and the individual's small but significant place in the overall picture."

Jazzart has deliberately kept a low profile, but it's time for Jazzart to come out of the closet. After five years of "non-collaboration" with the arts councils, Hinkel is considering a season at the Nico Malan, he has been asked to choreograph for the Pact Dance Company and design a schools programme for Soweto, as well as setting up a programme for Napac's junior company and their "outreach programme" (a traditional African dance group).

"It can't be wrong," Hinkel is adamant that these opportunities should not be passed up.

"Jazzart must become high-profile and mainstream otherwise the culture that is trying to blossom will be crushed if we are not careful. I'm going to fight to do that. We must appear on television.

"We have practiced non-collaboration for five years as a dance company and we gained a lot. It isolated us and forced us to question what we are doing and I'm pleased we did that because we are a lot richer for it. We have so much clarity on what we do and why. We don't have the answers, but we do know about searching. Every six months a dance class changes. When Jay writes a paper and we read it a year later, we go Ooef... because we are shifting all the time.

"Now we must get it out and show people. We have always had a good response from audiences, although the critics generally don't like us. They say the work is indulgent.

"In *Arathi* we use percussion. It is traditional African-based, but none of the

movements are traditional. It is spectacular and non-racial. We really worked with rhythm. People responded positively to that because it is just pure dance. But even in that piece the women lift each other, women lift men, women do the same steps as men. Most other dance you see in this country is sexually segregated.

"People stopped us in the streets in Grahamstown, but the critics hammered us. They said the work was dated. They said we styled it on Pina Bausch. When I think of how many hours we spent questioning everything... and the same critic on the same page, raved about

Nomsa Manaka's work. (I think Nomsa is a wonderful teacher.) But all the kids did was come on stage and do a traditional African dance, untouched. The same critic who said our work was dated and irrelevant actually used the word 'relevant' and said it 'gives you insight into the sensibilities and culture of black people'... then I think their is something wrong. Is their a sliding scale we working with here? The darker the company, the lower the standards. I get angry when people are too scared to criticise, because they are doing those people a disservice." Patronisation is the last thing dance needs.


Jazzart Summer School

A "non-threatening" introduction to dance, funky street dancing and African dance are just three of the offerings at this year's Jazzart Summer School. Other courses include contemporary and jazz dance, tap and Alexander technique. The variety of courses and levels at which they are offered have been designed to provide a wide choice for everyone - from the professional dancer to those who are looking for a fun way to spend a couple of hours. The tap, contemporary and street dance classes are also offered for children and teenagers.

A new and exciting addition to the programme will be the introduction of a repertoire class which will be taught by Alfred Hinkel and Dawn Langdown. They will teach two dances from *Arathi*, one of the Jazzart works which drew critical acclaim at the Grahamstown Festival in July. This work consists of complex rhythms and cross rhythms and has its roots in rhythmic indigenous dance, but bears the stamp of Jazzart's style. Participants in this course will be put through a process similar to the one which the original company experienced in rehearsal and will be encouraged to extend the choreography with what they create in class.

Sue Parker (contemporary dance), Nomsa Manaka (African dance) and Joan Brokensha (Alexander technique) are the guests at this year's summer school. All three have taught extremely successful courses in previous Jazzart Summer School programme. For further information call (021) 245349 or write to:

Jazzart Dance Studio, 32 Jamieson Street, Cape Town, 8001.



Dancing to Pretoria

THE Johannesburg-based Free Flight Dance Company is presenting a varied programme of dance works at the Arena, State Theatre, Pretoria next Tuesday (19 November) and 25 November at 8pm. The programme comprises *Collaboration*, an interaction of classic and contemporary movements; the pas de deux from *Jungle Traffic*, danced by Natalie Fisher and Boyzie Cekwana, and *Figments*, which premiered at Dance Umbrella in March. *Simply the Blues* was inspired by Steve Walsh and Natalie Gamsu's songs and is a sassy rendition of the blues; *Body and Soul* is a fusion of body and spirit danced to Kenny G. The closing number, *Suite on Bob*, is a humorous work. Book at Computicket.

kleinadvertensies

PERSOONLIK/PERSONAL

Croc: Mag jou kunsgebit in Milan uitgestal word - Toadie

Aan Desdemona: lewers woer daar 'n geel kewer.

"Coop, I still pull my panties on one leg at a time."
Sal alle Twin Peaks-fans asseblief hul favourite one-liners na dié kolom stuur. Liefde Di-ane.

Faan en Desiré trou op 16 Desember. (Hulle moet nie, hulle wil.) Moenie kom nie, stuur net geld.

Ons hoor Takhare vir Vrede en Bleskoppe teen Apartheid dreig om 'n verskriklike comeback te maak op dié bladsy

ACCOMODATION/VERBLYF

Benodig: verblyf vir twee (huis, woonstel, kommune) in Kaapstad vir Desember. Huis in Johannesburg moontlik in ruil daarvoor. Skakel Steven Kuny: 833-2004 (w), 614-1483 (h).

One person 22 - 30 required to share lovely semi- with two others in Kensington. R450 including domestic and electricity. Tel: Candice (w) 442-8982 or (h) 614-1765. Occupation as soon as possible.

DIENSTE/SERVICES

FLOTATION TANK: relax body and mind in a warm peaceful zero-gravity environment. SHIATSU THERAPY - Japanese therapeutic system - improves health, by removing fatigue causing elements and stimulating the body's innate recuperative powers. Tel Jen (011) 435-7721

Translations done in Afrikaans, English, French & Spanish Tel: (012) 546-1925

ACUPUNCTURE: Calms, strenghtens & stops pain. It can treat or prevent many illnesses by addressing their root causes. Tel: (011) 643-4418 Sarah Hewland, Dip.Ac(UK), Clin, Cert(Nanjing)

If your HUMAN RIGHTS have been VIOLATED while under the treatment of a PSYCHIATRIST, call Citizens Commission on Human Rights NOW! Tel: 833-7271 or P.O. Box 710, Jhb, 2000.

TIK- EN VERTAALWERK
Bel Louise by (012) 46-6577

DIENSPLIG ADVIESDIENS
Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig, skakel:
Durban - (031) 301-5663 Richard (w)
Pletermaritzburg - (0331) 944079 Mark (h)
Kaapstad - (021) 689-1194 (5:30nm tot 7:30nm)
Grahamstad - (0461) 26067 Rudl (h) of gaan na die Metodistekerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae vanaf 4:30nm tot 7:00nm

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkwinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642-4345

VISUAL ART COURSES
Learning to see. Eye training to look at shape, form, colour, dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evenings for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm

EVENTS/GEBEURE

Iets anders? Probeer die Irene Village Mark - Smuts Huis Museum, Sat 14 Des, vanaf 9-2. Bring die hele gesin en doen u kersinkope in 'n rustige en ontspanne atmosfeer. Kunstwerke, klere, beelhouwer, organiese groente en veel meer. Skakel (012) 667-1659.

The Worker's Organisation for Socialist Action (Wosa) invites the public to a meeting which will be held at the Funda Centre (Main Auditorium), Soweto, on Saturday November 23, starting at 2 pm. Speakers from several political organisations will address the following issues: The Peace Accord - the Patriotic/United Front - the General Strike - the trend to enter into agreements such as the social contract.

MARK/MARKET

PHAMBILI BOOKS:
Huge selection of Academic Titles
22 Plein Street
Tel: (011) 29-4944
WANTED: Second-hand, Left Wing Books in good condition. Phambili is buying
Open:
Mon-Fri 9h00-17h30
Saturday 9h00-13h00
Sundays 13h00-17h00

TE KOOP:
Enigste gevestigde Interflora-bloemiste en geskenkewinkel in Lydenburg. Prys: R30 000 of naaste aanbod, afleweringvoertuig en alle voorraad ingesluit. Skakel Elize Viljoen by (011) 726-4591

Wat is AMAZING?.

Om 'n advertensie op dié bladsy te plaas, bel vir

Louwrins Potgieter by
(011) 836 2151, stuur 'n faks na 838 5901 of skryf aan Kleinadvertensies, Posbus 177, Newtown 2113. Dit kos R15 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan.

Persoonlike advertensies korter as 25 woorde sal gratis geplaas word.

Die spertyd is Dinsdagmiddag 5 uur voor publikasie

SÊ JOU SÊ OF STUUR 'N OU BOODSKAPPIE

Die afdeling "Persoonlik" in ons Kleinadvertensies is 'n lekker plek om te sê wat jy dink of iets uit te blaker wat jou lankal hinder - of natuurlik om aan 'n vriend en/of vyand 'n boodskap te stuur. Of om aan te kondig dat jou vriend swanger is/nie swanger is nie. Dit is boonop gratis, solank jy dit onder 25 woorde hou. As dit langer as 25 is, kos dit R15, maar dit mag nie langer as 50 woorde wees nie. Laat hoor van jou!

**non-racial, democratic,
non-sexist, non-hetero-sexist,
non-ageist, non-regionalist,
non-elitist, nuclear-free
and ozone-friendly.**

but never, never PC (Politically Correct)

Vrye Weekblad

THE BILINGUAL NEWS MAGAZINE THINKING SOUTH AFRICANS DESERVE


Om by te bly met die vinnig veranderende tye is deesdae nogal moeilik. Om vóór te bly, het jy Vrye Weekblad nodig. Teen net 30,8 sent per dag. So: vul dié vorm nou in en stuur saam met 'n tjek of 'n posorder vir R110 (vir 'n jaar, AVB en aflewering ingesluit) of R50 (vir ses maande, alles ingesluit) aan:

Vrye Weekblad Verspreiding, Posbus 177, Newtown 2113. Vandag nog.

Naam.....

Adres.....

.....Poskode.....



waiting for what?

WAITING FOR GODOT

By Samuel Beckett

With Dale Cutts, Michael McCabe, James Borthwick, Louis van Niekerk and Seth Randall

Director: Dieter Reible

In the Dalro, Windybrow

ANDREA VINASSA

DIETER REIBLE'S remarkably straight production of Samuel Beckett's classic - textbooks call it absurd, Reible differs - is passionless, academic, facile and eminently appropriate for its time: the arts councils are so afraid to put a foot wrong and the vagueries of Sam's message can be applied to almost any situation. That theatre is waiting for something is certainly true.

Reible's production is deliberately apolitical, deliberately bland... he is not about to play into anyone's hand. He gives no pointers to the theatre-goer who is desperately seeking meaning.

He merely heightens and illuminates feelings of insecurity engendered by life without ideology, life without dogma, life without leaders telling us what to think. In this sense Reible makes it difficult for his audience, but in another sense the emphasis on cerebral flourish as opposed to visceral impact, is something of a cop-out.

He lets us off the hook with this *Waiting for Godot* which is performed with clinical precision and displays the subtle technique of Pact's best actors. No-one gets their hands dirty in this pure theatre celebration of Beckett's ironic exposition of despair and desolation.

daljosafat gala luncheon

THE Daljosafat Arts Foundation is hosting a fund-raising luncheon which will coincide with a special preview of a summer exhibition. The gala event will be held in the garden of the farm Non Pareille, Daljosafat, Paarl. Invitations are limited to 20 guests.

The guest of honour is William Swing, Ambassador of the United States of America, and the guest speaker is Marilyn Martin, Director of the SA National Gallery.

The luncheon will take place on Saturday 30 November at 12.30pm. Catering is by the award-winning Cape Town restaurant Floris Smit Huijs, decor by Peter Visser Interiors.

Tickets to this fund-raising event are R120 per person, and obtainable from the Daljosafat Arts Foundation. Contact Andrew Olivier at 02211-624924. All proceeds go towards the Art Education Programme for underprivileged communities.

The art exhibition will be opened to the public on December 1 at 3pm by Louis Jansen van Vuuren, National President of the SA Association of Arts. The exhibition ends on December 22 and is open daily from 11am to 4pm.

Artists exhibiting are 1991 Triennial winner William Kentridge, also Deborah Bell, Hardy Botha, Nina Romm, Robert Hodgins, Margaret Vorster, Guy du Toit, Henry Symonds, Louis Jansen van Vuuren, and others.

pig out on artvark

ARTVARK (the band, not the animal) took a short recess to let two new members settle in who were brought in when drummer Rainer went overseas and guitarist Dirk left, explains Artvark spokesperson Robin Hawkins. "During the break, we produced a cassette recording of the show that blew festival-goers at the Grahamstown Festival away, and got the band critical acclaim from numerous revered critics - notably in *Die Burger* and *The Cape Times*. The cassette has the same name as the show, *Blanc de Noir*, and is an undoctored recording of the actual live show. It was jointly produced by the band and *Sound Action* magazine, through which it will be distributed.

"The band has also attracted the attention of Barry Ronge, who has approached us to provide inserts for his Christmas show on *Revue Plus*. These are to be shot at the Paarl Taal-Monument, Muizenberg Paviljoen and the Waterfront in the next few weeks.

"To celebrate all this, and to launch our cassette, Artvark will host a party at

The Fringe (cnr Canterbury and Constitution Streets) from 9.30pm tomorrow (16 November). We will market cassettes, have a boogie, and play some of the material later in the evening. The first 20 lucky guests to arrive after 9.30pm will get in for free, after which the door-price will be a prohibitive R5. Those able to convince us that they have played an important part in our development are welcome to try their luck at free entry. It should make for some amusing stories, which may or may not be rewarded. So all ex-varke and other acolytes, Take Note."

Artvark is on at The Stage on 22 November in support of The Legendary Nowhere Band, and on 30 November they are on at The Brass Bell (at 2pm for a touch of sun to compliment the madness.)

For hard-core fans, Artvark is: Jackie Engelbrecht (bass and attitude); Robin Hawkins (keys, rhythm, voice); Barry Klopper (guitar and grin); Colleen Lynch (voice, hats and appeal); Martin (drums and contact with reality) and Willem van der Merwe (blowing various things).



Die musiekblyspel *Baby Come Duze* is terug by die Mark-Teater. Zoleka Duma, Mara Louw-Thomson en Lerato Louw (bo) kan tot 7 Desember in die shebeen in die hemel besoek word. Patrick Shal (*Taxi to Soweto*) is die regisseur van dié nostalgiese terugblik op Sophiatown.

voltaire at new black sun

AT last the answer to the Sunday blues: Theatre Voltaire again this Sunday (17 November) at 8pm at the new Black Sun, corner Rokeby and Raymond Streets, Yeoville.

The line-up is as follows: Ian Fraser - Stand-up; Pierette - An off-beat cabaret; Hindsight - dance by Johan van der Westhuizen and Kim Thackerrey; Today Is an Important Occasion - Live video (Megan Choritz, Melinda Ferguson, Nan Hamilton); Jason Armstrong - Classical pianist; Men's Night Out - revue sketch; Oh No Not the Mandelas - Revue sketch and two films: To be announced.

Theatre Voltaire was established in April 1990 by Marius Meyer, Melinda Ferguson and Warrick Grier at the Junction Nightclub and ran successfully throughout the year. Artists from all fields are invited to perform, exhibit or screen their works. Contact: Warrick Grier - 648-8439, Marius Meyer - 837-5223 or Melinda Ferguson - 648-2695. Theatre Voltaire will run every Sunday evening. Admission R10.

the art foundation EASTWOLDWEG 6 SAXONWOLD

KAN NOU INSKRYF VIR: 1992

**VOLTYDS 1992
BEELDENE KUNS
en
GRAFIESE
ONTWERP
en
REKLAME**

OOK AANGEBIED
DEELTYDSE KLASSE IN

- TEKENWERK ● SKILDER
- BEELDHOU ● TEKENSUIT
- SYSKERMDRUKWERK
- ETSWERK

KLASSE VIR VOLWASSENES,
MATRIEKLEERLINGE,
HOERSKOOLO EN KINDERS.

(011) 646-1358/646-6197

LB 2 - 1183A

DIE MOSKOU-SIRKUS

in Maynardville

ARNOLD BLUMER

VROEËR was dit aanvalsgewere, landmyne en handgranate wat uit die Sowjetunie ingevoer is - meestal onwettig, en deesdae is dit ysskaatsers, dansers en nou 'n hele sirkus uit Moskou - nogal die staatsirkus, word gesê - wat uit die voormalige Sowjetunie oor ons land spoel - en dis wettig. 'n Vindingryke mens sou 'n verhandeling kon skryf in hoe verre die een die ander moontlik gemaak het.

'n Sirkus is 'n sirkus is 'n sirkus? Ja, meestal. Maar nie dié een nie. Daar is wel afgerigte diere, maar net poedels en bere, en ek kry die indruk hulle het gehou van wat hulle geleer is om te doen.

En die perde jaag met so 'n dolle vaart in die rondte dat twee ouens afgeval en hopelik nie seer gekry het nie. Dan is daar die gewone akrobatische toertjies, maar ook heelwat ongewones, en dis wat dié sirkus besonders maak.

Soos die ewewigskunstenaar (die HAT sê so) wat drie meter bokant die grond sy staan kry op rollende silinders. Of die vroulike koordloper wat teen 'n skuins gespanne draad oploop, telkens teruggly (miskien om die spanning te verhoog?) en dan tog uiteindelik haar bestemming bo in die dak van die tent bereik.

'n Fenominale rubberpopkind van so 6/7 jaar wat met een arm bo-op 'n man staan en sy liggaam soos 'n handskoen kan laat omdop, het die toeskouers betower. En die akrobate wat met 'n wipplank en dubbele salto's agteroor tot bo-op die skouers van drie mans spring wat klaar op mekaar se skouers staan het my na my asem laat snak. Ten slotte is daar twee ouens wat iets soortgelyks aanvang op stel. Ongelooflik!

Tussendeur was daar 'n klomp etniese (sic!) musiek (op band) en danse, en die toeskouers was gaande. Nou wanneer gaan ons staatsirkus. (watter een?) in Wladiwostok tent opslaan?

Gaan dié orkeste oorleef?

Eers het die Truk- en die SAUK-Orkes saamgesmelt in die nuwe Nasionale Orkes. Nou gaan dié orkes weer verdeel in die Transvaalse Filharmoniese orkes en die Nuwe SAUK-Orkes. **HENNING VILJOEN** bespreek die orkes(te) se afgelope simfonieseisoen

MET die amalgamasie van die Truk- en die SAUK-orkes het ek geskryf "die orkes is dood, lank leef die nuwe Nasionale Orkes", min wetende dat die lewe net 'n paar jaar sou duur voordat ek weer moet skryf "die Nasionale Orkes is dood, lank leef die Transvaalse Filharmoniese Orkes en die Nuwe SAUK-orkes". Waar ek die vorige keer dié wens met oortuiging uitgespreek het, doen ek die heilspraak dié keer met veel meer huiwering. Wie weet hoe lank die twee orkeste in die nuwe Suid-Afrika gaan oorleef? Veral omdat ernstige musiek in sommige kringe as elitisties uitgekryt word - wat elitisties in dié geval ook al mag beteken.

Die laaste simfonieseisoen het dan ook in die teken van die "egskeiding" gestaan, met die grootste bydrae deur die Nuwe SAUK-orkes. Hoewel die eerste twee konserte nog onder die vaandel van die Nasionale Orkes aangebied is, was dit uitsluitlik lede van die Nuwe SAUK-orkes wat opgetree het. Die eerste konsert onder Reinhard Schwarz, gewoonlik 'n uitstekende dirigent, was ietwat van 'n musikale ramp. Yvonne Timoianu se vertolking van Haydn se Tjellokonsert in D maj het mank gegaan aan korrekte intonasie en nog nooit het ek sulke slordige strykerspel van 'n beroeps-orkes beleef soos in die uitvoering van Beethoven se Vierde Simfonie nie.

Die Nuwe SAUK-orkes het wel meer momentum onder Paul Capolongo gekry, veral in die konsert wat uitsluitlik aan Mozart gewy is. Hier het die orkes ten minste met meer musikale geesdrif gespeel. Die hoogtepunt van die konsert was die fyn musikaal deurleefde vertolking van Mozart se Klarinetkonsert deur die klarinetpeler van die SAUK, Edouard Misnikov. Minder indrukwekkend was die gemaniëreerde spel van die Kanadees George Zukerman in Mozart se Fagotkonsert, waarin baie min van idiomatiese Mozart te bespeur was. In Mozart se Jupiter-simfonie het Capolongo 'n briljante

vertolking gelewer waarin hy die grootsheid van die werk ingebed het in die deursigtige tekstuur van 'n kamerorkes.

Ek het ongelukkig Capolongo se tweede konsert en die eerste van die Amerikaanse dirigent Robert Maxim gemis. Die hoogtepunt van die seisoen was egter die konserte waar die twee orkeste weer gesamentlik opgetree het. Die eerste Suid-Afrikaanse uitvoering van Mahler se Tiende Simfonie soos voltooi deur Deryck Cooke was 'n uitsonderlike musikale ervaring. Hoewel dié werk nie in dieselfde asem as Mahler se Sesde, Sewende of Negende Simfonieë genoem kan word nie, het Robert Maxim daarin geslaag om die wisselende emosies van Mahler se "Sturm und Drang" musiek ten volle in die orkes te ontgin. Die orkes het ook weer die hoë standaard wat in die vorige seisoen bereik is in dié uitvoering gelewer en veral Robin Finlay het met sy uitmuntende trompetspel opgeval.

Die uitvoering van Verdi se Requiem met Gabor Otvoš as dirigent, saam met die SAUK-koor, Virginia Davids, Angelica Nowak, Sidwill Hartman en Don Garrard, was een van die musikale glanspunte van die jaar. Soos met die uitvoering van Prokofief se Alexander Nevsky vroeër vanjaar het die SAUK-koor weer getoon dat dit 'n musikale instrument van internasionale standaard is. (Ek het net die warm ryk manstemme van die Imilonji kaNtu-koor in die Requiem gemis!) Met 'n elektries-gelaaiede spanningslyn, duidelike, resonante artikulasie en uitstekende frasering is die werk in sy volle dramatiese trefkrag deur die koor, orkes en soliste uitgevoer.

Nou lê die hef aan vir albei orkeste weer voor die deur. In albei gevalle is 'n dirigent soos 'n Simon Rattle nodig om die orkeste te bou en te verhef van middelmatigheid tot werklik uitstekende musikale instrumente. Hoe lyk dit met 'n orkes om by die standaard van die SAUK-koor te pas?



Live Jimi Presley ('n kombinasie van doole Elvis en doole Hendrix?) speel vanaand en more-aand by Dawsons Hotel, h/v President- en Von Brandisstrate, Johannesburg. 9nm. Hy noem homself 'n eksponent van post-modernistiese psigedeliese musiek. He must be seen to be believed.

die week by die MARK-TEATER

BABY COME DUZE PRODUCTIONS

bied aan

BABY COME DUZE

Geskryf deur Mthobi Motloasi; regie deur Patrick Shai
'n Viering van Sophiatown

Maan - Vry: 8nm, Sat om 6 en 9nm.

UPSTAIRS BY DIE MARK

Hunt/Jaffit Productions

bied aan

Joanne Weinberg se nuwe musiekspel

Nice People the Joneses

Regisseur en ontwerper: Neil McCarthy

Met Lana Green, Gaby Lomborg, Weinberg, Motsabi Tyelele en Thapelo Mofokeng

Musiek: Peter McLea; choreografie Adele Blank

Maan - Vry: 8.15nm Sat 6.15 en 9.15nm.

DIE LAAGER-TEATER

Hunt/Jaffit Productions bied aan

A Rosie-Coloured Spectacle

Regie deur Andrew Buckland

Met Soli Pbilander, Lindsey Orbach, en Ms Rosie September

Maan - Vry: 8.15nm Sat 6.15 en 9.15.

KIPPIES

Collaboration

Dins - Don R6, Sat middag R6, Sat aand R12

MARK GALERYE

KERAMIEKWERK DEUR DIE WITS-TECHNIKON STUDENTE

VLOOIMARK

9 vm-4nm Saterdag

Telefoon(011) 832-1641

Besprek by Computicket

H/v Breë- en Wolbuterstrate, Newtown, Johannesburg.

die klitse kou soos kougom

- overture



(Foto: Guy Tillim/Southlight)

Dié gedig, geskryf deur die Kaapse dramaturg **Ashraf Jamal** en vertaal deur *Gerard Rudolf*, is onlangs (deur Rudolf) by 'n Afrikaanse kultuurfees getitel *Die Nag van die Mystic Boer* op die planke gebring.

I

Jy sê mense kom en gaan, mense kom en gaan,
In lughawens, in sitkamers, in 'n koue kafee
Jy sê mense kom en gaan, mense kom en gaan
Oor koffie, onder 'n halwe maan, in die blink stank van die dag
Jy sê mense kom en gaan, mense kom en gaan
In 'n wêreld so groot soos dié, mense trek elke dag
Jy sê mense kom en gaan, mense kom en gaan
Sal dit stop, moet dit stop, hierdie nimmer-eindigende dag-breek?
Sal ek jou ooit weer sien soos jy draai, om weg te draai?
Is dit verby as dit verby is en is dit waarom ons bid?
Ek weet nie, gee nie om nie, wil net hê dat almal moet bly,
In my arms, in my hart, in die lewe waarna ek daagliks gryp.
Ek wil net hê hulle moet almal bly, ek wil net hê hulle moet almal bly.

Ek het oor ons gedink
Jy en ek
Dis nou al 'n hele ruk en...
Daar's iets wat ek jou wil vra
Ek het gedink as ons net praat
Dat dit wat ek wil sê, sal deurbreek
Jy sien
Dis nie iets spesifieks nie
Ek wil jou nie met vroe pla nie

Ek wou jou net vra
Of jy lief is vir my
Omdat dit my mind gecross het
Dat jy dalk nie is nie...
Ek weet jy gee om
Dis net dat alles so natural is
Vir jou
Ek het gewonder of jy ooit aan ons dink
Oor hoe dinge werk
Dit lyk nie of jy vir detail omgee nie
Jy praat nie so baie oor jousef of oor ons nie
So
Ek het net gewonder of jy oor ons dink
Aan my
Ek fish nie vir komplimente nie
Ek's regtig nie so goedkoop nie
Ek wil net weet of jy my sal red
Red my...

II

Howzit?
Is jy daar?
Ja
Ja ek's hier
Ek wil net praat
Dit was 'n lang dag en ek...
Ek het aan jou gedink.
Ek wou maar net aan jou...
Jou stem hoor
Ek...
Net om jou stem te hoor
Omdat...
Ek het nodig om met jou te gesels
Wel, ek is hier en gereed om te luister na enigiets wat jy wil sê
Ek is ver weg, ek weet
Maar ek is nogtans by jou
Thanks
Ja?
Dis oor ons
Ek...
Ja?
Is jy lief vir my?
Ja
Ek wou maar net gesels
Ek's alleen en ek...
Ja?
Ek het nodig om aan jou te raak
Om te weet ek kan nog kontak maak
Dat ek bestaan
Dat ek dinge kan verander
Dat ek saak maak
Kan kneus
Kan praat
Kontak maak
Aanraak
Ek gee nie om om alleen te wees nie. Ek...
Dis nie die feit dat ek hier is nie
Besig om met jou oor die phone te praat nie
Dis nie die fisieke afstand nie.
Dis net dat ek nodig het om te weet
Dat ek jou in die hande kan kry
Sodat ons kan praat
Hallo?
Ja?

Is dit liefde, is dit haat wat die rede is vir dié skeiding
Of is dit net die storie wat ons vertel, elke sekonde wat ons pyn
Wanneer die vlees weg is, al die gewag by die meer
Wanneer die hede verander in verlede in die oomblik as jy ontwaak
Alles 'n droom, alles 'n droom, hierdie vleeslike draai van die noodlot
Alles 'n droom, alles 'n droom, hierdie sombere draai van die slot
Ek wil dit nie meer hê nie, hierdie verskriklike gevoel van te laat
Ek wil nie hier staan nie, die een wees wat wag
Neem my hand, druk my vas, sê jy sal nooit waai nie
Is ek mal om soveel te wil hê, om nooit te wil rou nie?
Ek sê nee, ek sê nee, dis my genade
Ek sê nee, ek sê nee, ek dra my hart op my mou
Ek sê nee, ek sê nee, ek sê nou en vir ewig
Ek sê nee, ek sê nee, vir die toeklap van die deur
Ek sê nee...

IV

Skree, dalk dink julle dis snaaks, ek wat so skree. Dalk kan julle niks hoor nie. Ek kan aangaan. Julle sal nie eens agterkom nie, want julle sit net daar soos 'n do-not-disturb-sign. Dalk wil julle hê dat ek julle gevreter moet in moer. Ek kan doen wat ek wil. Ek kan die stoel onder een van julle uitskop. Ek kan julle laat bloei, die lewe terug in julle in bliksem. Dit sal só maklik wees. Dit kan selfs 'n plesier wees.

Soms is dinge nie soos jy dit verwag nie. Jy sit en wag op iets om mee te gee. Jy praat tot die koeie huis toe kom en hou aan met praat tot lank na hulle weer gewaai het. Jy vul die spasie. Jy's nie baie goed daarmee nie, maar jy hou aan met praat en praat. Maak nie saak wat jy sê nie, jy

praat net asof jou mislike lewe daarvan afhang.

Jy weet voor jou siel dat jy nie kan voortploeter soos altyd nie, want gewoonte begin na 'n ruk vuil voel. Jy haat wat jy dag na dag moet sien, maar jy het ook nie die fokken guts om jou oë uit te ruk nie. Jy reken daar moet iets wees wat jy kan doen. Jy reken jy kan jou pad na skoner lug toe ruik, na 'n skoner ritueel toe.

Dan onthou jy skielik die groot deel van jou wat missing is, so, jy klim in jou kar, want jy dink jy kan jou missing deel gaan soek. Jy het nie 'n clue van wat gaan gebeur nie. Al wat jy wil doen, is om jou missing deel te kry om jousef weer aanmekaar te sit. Mission accomplished.

Jy's moerse excited, want jy doen weer ten minste iets... maar weer iets goeds. Jy begin met 'n warm glimlag op jou gesig, dis so nice dat jy nie voel hoe dit net daar op jou gesig vries nie, stupid word. Maar die idee bruis nog steeds deur jou, so reguit soos 'n wit streep op 'n teerpad, blink soos 'n katoog.

Iets moet meegee. So, jy wag. Daar's geen punt daaraan om terug te draai nie. Nie nou nie. En so wag jy en jy praat en jy skree... want jy kan nie hierdie instorting aanvaar nie. Iets in jou gee mee, iets ergers as net blote teleurstelling, iets meer skrikwekkends. Jy kan skaars bly staan, maar jy's bang dat as jy gaan lê dit dalk die laaste keer sal wees. En só word jy bygelowig. Jy kan nie meer glo in 'n gepraterij oor môre nie. Jy dink net dat as môre dalk mag aanbreek, dit sal aanbreek ten spyte van jou.

So, jy wag. Jy weet mos dat dit nie so kan aanhou nie. Hy sal ophou, sê jy, hy sal begin praat. Hy sal moet. En jy wag. Jy word gewoon daaraan om met jousef te praat. Jy begin dit selfs interessant vind. Jy surprise jousef. Woorde wat jy nie eens geweet het bestaan in jou nie, begin uitkom. Eers stadig. In spatsels.

Jy gesels asof daar iemand by jou in die vertrek is. En wanneer niks behalwe die klank van jou eie stem na jou toe terugkom nie, jou eie pieperige behoeftes terug in jou gesig geblaas word, word jy fokken bang, man!

Stadig maar seker droog die behoefte op. Of jy gee nie meer om dat jou woorde terugkom nie. Hulle is nie meer jou woorde nie, net woorde wat by jou ontspring, warm en koud. Jy begin jou in woorde te was. Jy begin dink dat deur te praat jy skoon sal bly. Jy los jousef op automatic. Jy's aangeswitch. Jou persoonlike jumper-cable is gekoppel. Jy's 'n plasma-masjien. Jy draai en vloei. Jy hou net aan beweeg en praat en wag. Jy's rou. Daar is niks tussen jy en jousef nie. Jy's onbewerkte vergelyking. Mens-gemaak... brein-gefok. Jy bly klou.

Dae word nagte.
Jy klou.
Tyd verander.
Jy verander.
Verander...

V

Dis die desperasie wat ek voel wat my so laat praat
Die verlies van skaamte wat my hare vergrys
Ek's klaar met verstaan hoe die wêreld verdwaal het
Ek's klaar met verstaan waarom mense weggegaan het
Ek's lief vir jou, dis al waarom ek leef vandag
Wagtend, altyd wagtend, op ons herontmoeting
Onder 'n halwe maan, oor 'n koppie koffie, op 'n rommelende nagtrein
By 'n busstop, op 'n parkbank, op die leftbank van die Seine
In 'n nagklub, in 'n toilet, musiek wat skeur deur my brein
Na-ure op die pad, net om weer by jou te wees
Na-ure op die pad, net om dié kak pyn te genees

VI

Wel, jy kan sê ek het 'n probleem, te doen met 'n bors
Jy kan sê ek het 'n probleem, somehow het ek my tyd gemors
Ek's nie koud nie, nie die tipe ou wat sê fok die res nie
Want as ek alleen is, heeltemaal alleen, raak ek ook depressed
Sê maar ek is swak, sê wat jy wil, soos jy nader kom vir die kill
Breek my hart, maak my siek, maar steeds I love you still
Ek's die kranksinnige met die standvastige hart
Ek's die weeskind by die deur
Ek's die fool van die liefde in dié donker eeu van vertroue
Ek's die bloeiende hart, in twee geskiet deur Cupid se pyl
Ek's die ou van langsaan met die skroef los
Ek's mister right met rose in die hand
Ek's die vrou van elke Mills en Boon
Ek's enigiets wat jy wil hê enigiets wat jy sê

Ek dink al wat ek wil sê is: Trou met my, trou met my
Met my
Trou...

IVOORDIEWE

kou nou harde bene

As *ivoorhandel* in Asië beheer word, is die helfte van die stryd teen ivoorsmokkelary gewen, sê John Milliken, die direkteur van Traffic International se nuwe Suidoos-Afrikaanse tak. **ESMA ANDERSON** stel by hom vas hoe sake nou staan met onwettige ivoorhandel

In 'n tyd waarin goeie nuus so skaars soos hoenderdande is, veral wat omgewingsbewaring betref, is daar tog 'n sprankie hoop vir die bedreigde Afrika-olifant.

Sedert die CITES-verbod (Convention on International Trade in Endangered Species) op alle verkope van ivoor in Oktober 1989 ingestel is, is daar al ver gevorderd om onwettige ivoorhandel te bekamp.

Tom Milliken, die direkteur van Traffic International (Trade Records Analysis of Flora and Fauna in Commerce) se kantoor vir Suidoos-Afrika, meen met versigtige optimisme dat onwettige ivoorhandel dalk in die naaste toekoms grootliks uitgeroei gaan word.

Milliken was voorheen die direkteur van die Japanse kantoor van Traffic International, maar was vandeeweek in Suid-Afrika om voorbereidings te tref vir die stigting van 'n Suidoos-Afrikaanse tak, wat ook 'n kantoor in Johannesburg sal hê.

Die twee grootste internasionale handelaars in ivoor is Japan en Hong Kong, maar albei gehoorsaam nou die verbod.

Japan werk al sedert 1987 met Traffic saam. Dit gee Milliken die hoop dat Japan in die toekoms ook verantwoordelik sal optree.

"Die grootste sondaar in onwettige ivoorhandel was Hongkong," sê hy. "Die bordjies is egter nou verhang en hulle sukkel nogal. Op die oomblik is meer as

400 ton ivoor in Hong Kong opgestapel waarvan hulle nie ontslae kan raak nie."

Dié ivoor is meer as R240 miljoen werd teen die huidige prys van sowat R600 per kilogram.

"Die openbare mening het die laaste twee jaar geweldig geswaai - selfs in Japan. Niemand wil meer ivoor van Hong Kong koop nie, want hulle is berug vir onwettige handel. Die eerste ses maande ná die verbod op ivoorhandel, het Hong Kong die verbod verontagsaam in 'n poging om hul reserwes van die hand te sit, maar hulle kon nie veel uitgerig kry nie," sê Milliken.

Die internasionale verbod op ivoorhandel is juis ingestel om veral onderduimse handelaars soos dié van Hong Kong te

beveg.

Milliken sê Hong Kong het veral handel gedryf met verwerkte produkte, wat moeilik is om te beheer omdat dit moeilik is om vas te stel waar dit vandaan kom. "Dit het amper onmoontlik geword om die onwettige handelaars in Hong Kong vas te trek. Hulle het verwerkingsaanlegte gehad in verskeie kusstreke in Asië wat baie moeilik is om op te spoor. Elke keer as ons toeslaan op 'n aanleg, ontdek ons dit het weer verskuif. Dan moet mens dit weer soek - en die hele kringloop begin van voor af. Uiteindelik was die enigste opsie om 'n algehele verbod in te stel op handel in ivoor en ivoorprodukte."

Die ivoorhandelaars in Hong Kong sit



In Namibia word renosters se horings nou afgesaag in 'n poging om die spesie teen wilddieve te beskerm. (Foto: Eric Miller / Southlight.)

Suid-Afrika wil weer *ivoor* verkoop

SUID-AFRIKA het in Oktober vanjaar 'n voorstel ingedien by Cites (Convention on International Trade in Endangered Species) dat Suid-Afrika se olifante van die Appendiks I-lys afgehaal word en verskuif word na die Appendiks II-lys, waarvolgens handel toegelaat word, maar slegs onder baie streng beheer.

Die voorstel sal in Maart 1992 oorweeg word op Cites se volgende ledestatevergadering in Japan. 'n Komitee van Cites sal 'n evaluasie-verslag oor die Suid-Afrikaanse voorstel indien, waarna 'n besluit geneem sal word.

Milliken meen dis baie moontlik dat die olifante van Suid-Afrika en moontlik lande soos Namibia en Zimbabwe op die Appendiks II-lys geplaas sal word, maar meen die internasionale handelsverbod op ivoor sal steeds in stand gehou word.

Sekere oogmerke moet eers bereik word voordat handel weer toegelaat kan word, sê Milliken. Op kort termyn moet probleme met die registrasie van die land van herkoms van bestaande ivoorvoorrade en handelaars eers opgelos word en 'n stelsel ontwerp word wat in die toekoms doeltreffend toegepas kan word. Op lang termyn moet probleme met kontrole en monitering opgelos word.

Maar selfs dan moet die ivoorhandel só beheer word dat dit nie weer hand-uit ruk en aanleiding gee tot grootskaalse wildstropery en onwettige handel nie.

Milliken meen egter dat Cites nie ledestate wat goeie bewaringsbestuur toepas, wil straf nie. Daarom sal waarskynlik baie simpatiek geluister word na Suid-Afrika se voorstelle.

Wat sterk in die Suid-Afrikaanse voorstel se guns tel, sê Milliken, is dat die opbrengste van verkope van Suid-Afrikaanse ivoor teruggeploeg word in omgewingsbewaring. Dieselfde geld Zimbabwe, waar 'n deel van die opbrengs ook gegee word aan plaaslike gemeenskappe waar baie van die olifante vry rondloop en nie almal in die nasionale parke gehuisves kan word nie.

'n Suid-Afrikaanse voorstel wat ook gunstig oorweeg sal word, is dat net handel gedryf word met lande wat al die ivoor wat hulle invoer, plaaslik kan verwerk. Dit impliseer dat bykans net Japan ivoor op groot skaal sal kan invoer. Daarby moet ivoor gekoop word van 'n regeringsbron, sodat die middelman uitgesluit kan word.

Dié stap word voorgestel om te verseker dat verwerkte produkte van onwettige ivoor nie die hele wêreld vol versprei sal kan word nie.

Verder is Suid-Afrika van mening dat biologiese toetse op ivoor duidelik die streek van herkoms kan bepaal and dat selfs produkte dus beperk kan word.

Die handelsverbod is ook sterk aangeval deur Zimbabwe, waar wilddiefstal toegeneem het nadat die verbod ingestel is. Vroeër het hulle jaarliks minder as 10 olifante afgestaan aan wilddieve. Dié getal het na die verbod gestyg tot 90.

'N DEURBRAAK IN BEWARINGSTRYD

nou met hulle hande in hul hare, sê Milliken. Die meeste van dié handelaars probeer nou van hulle ivoor ontslae raak want hulle wil al hulle bates likwedeer vóór die oordrag van Hong Kong aan China in 1997. Volgens Milliken is hulle desperaat om so gou moontlik die land te verlaat voor die Kommunistiese oorname.

Die Hong Kongse owerheid het egter sedert Januarie 1990 vereis dat alle handelaars die ivoor wat hulle besit, registreer in ooreenstemming met die Cites-verdrag.

"Sedertdien het die mark vir onwettige ivoor geweldig gekrimp. Hong Kongse handelaars stel nie meer belang om nóg ivoor te koop nie - veral nie omdat hulle reeds opgeskep sit met méér as wat hulle van die hand kan sit nie," sê Milliken.

Terwyl Japan in die vroeë tagtigerjare een van die grootste handelaars was in onwettige ivoor, het Traffic International daarin geslaag om die handelaars te oortuig om hul ivoor te registreer en onwettige ivoor te vermy, sê Milliken. Japan weier nou om handel te dryf met Hong Kong en sê Hong Kong is die groot sondaar wat onwettige handel betref.

"Die Japannese handelaars sou graag wou sien dat handel in wettige ivoor kan voortgaan, maar begryp dat die verbod nodig is om onwettige ivoorhandel te kortwiek. Intussen hou hulle maar hul asem vir 'n ruk op in die hoop dat die situasie binnekort gaan normaliseer.

"Ons kantoor in Japan was só doeltreffend dat ons presies geweet het watter vraag ivoor op pad is. Dikwels kon die vraag teruggestuur word nog vóórdit in Japan aankom," sê Milliken.

Die mark in Japan krimp nou geweldig, sê hy. Die mark is nou net die helfte so groot soos 'n jaar gelede en selfs as die grootverbod gelig word, sal dit nie veel groter word nie. Een van die belangrikste faktore, meen hy, is dat baie maatskappye

nou plaasvervangers vir ivoor ondersoek. Yamaha maak byvoorbeeld nie meer klaviere met ivoor-klawers nie en die groot kettingwinkels weier om ivoorprodukte te verkoop. Die grootste behoefte vir ivoor in Japan, sê Milliken, is vir ivoor-naamstempels.

Onwettige handel gedy egter nog in Thailand - nie net met ivoor nie, maar ook ander bedreigde spesies wat deur Cites gelys is. Die situasie het só hand-uit geruk dat die lede-state van Cites 'n algehele handelsverbod op wildlewe-produkte met Thailand ingestel het, veral omdat die Thailandse regering skynbaar geen stappe doen om teen onwettige handel op te tree of dit te beperk nie.

"Die Hong Kongse mark was totaal afhanklik van buitelandse afsetgebiede. Noudat die handelsverbod ingestel is, kry hulle ook nie meer markte vir hul produkte nie. Dit geld ook Indië, China en Thailand, wat ook berug is vir onwettige handel."

Mens sou aanneem dat die ivoorprys sou styg ná die verbod - maar die teenoorgestelde is besig om te gebeur. Hoewel die prys eers gestyg het weens die verlaagde aanbod van ivoor, is ivoor nou weer goedkoper as voordat die verbod ingestel is.

Hopelik sal die ivoorhandelaars beseef dat hulle nie van hul ivoor ontslae kan raak nie en sal dit, tesame met 'n verlaagde prys, hulle ontmoedig om voort te gaan met dié handel.

Traffic International hoop dat die openbare mening steeds onwettige ivoorhandel sal verwerp en dat mense minder ivoorprodukte sal koop.

As dit gebeur, meen Milliken, kan wettige ivoor moontlik heeltemal voorsien in die vraag na ivoor. As dié scenario bereik word, sê hy, sal onwettige ivoorhandel beperk kan word sonder 'n algehele verbod op ivoorhandel.

Ook in Kameroen het wilddiefstal toegeneem sedert die verbod - wilddiewe daar het van September tot Desember 1990 27 olifante gestroop. Wildlife Conservation International meen egter dié toename kan toegeskryf word daaraan dat die ivoorprys gedaal het en stamhoofde in dié land en die aangrensende Nigerië dit nou weer kan bekostig om ivoor te koop vir seremoniële doeleindes.

Omgewingsbewaarders in Suid-Afrika meen die handelsverbod het die situasie in Kenia en Tanzanië drasties verbeter juis omdat dié lande baie geld ontvang het om beter beheer oor hulle nasionale parke toe te pas. Volgens dr John Legder, die direkteur van die Endangered Wildlife Trust, is dit dié geld en nie die handelsverbod nie, wat die situasie verbeter het, omdat dié lande nou vir die eerste keer werklik beheer toepas in hul nasionale parke.

Intussen gaan sowel Suid-Afrika as Zimbabwe voort om olifant-getalle uit te dun. Die ivoor van dié uitdunnings stapel ook reeds hoog op. Suid-Afrika maak vanjaar omtrent 3 000 olifante van kant, terwyl Zimbabwe beplan het om 15 000 olifante te skiet. Dit is egter al baie laat in die seisoen daarvoor omdat uitdunning baie moeilik word as die reënseisoen eers begin het, sê dr David Cummings, 'n navorser in Zimbabwe. Hy reken dat Zimbabwe skaars 'n derde van dié getal sal kan uitdun.

Zimbabwe beskik al oor meer as 20 ton ivoor, wat omtrent R66 miljoen werd is, sê dr Willie Nduku, die direkteur van Zimbabwe se Nasionale Parkeraad. As hulle die ivoor kan verkoop, sal dié geld weer in omgewingsbewing en die bestuur van die nasionale parke teruggeploeg kan word. Ook Suid-Afrika bestee die opbrengs van olifant-ivoor só, sê dr Salomon Joubert, die uitvoerende direkteur van die Nasionale Krugerwildtuin.

Dis juis dié oordeelkundige benutting van die opbrengs wat voortaan in die guns van dié twee lande kan tel, sê Milliken. Omdat die vel en die vleis ook gebruik word, het albei lande 'n goeie naam wat omgewingsbestuur en benutting betref.

Millien meen al die probleme rondom onwettige handel in wildlewe-produkte is oorkombaar, maar baie kreatiewe oplossings is nodig omdat dieselfde omstandighede nie oral in Afrika geld nie. Meganismes moet uitgewerk word om te verseker dat lande wat goeie omgewingsbestuur toepas nie onnodig benadeel word in 'n poging om lande met 'n swak rekord te help nie.

Botswana, Malawi, Namibia, Zambië en Zimbabwe het intussen 'n ooreenkoms aangegaan binne die SADCC (Southern African Development and Co-operation Council), waarvan hulle almal lede-state is, om 'n organisasie te stig wat 'n enkele handelsentrum sal wees vir al die ivoor van dié lande. Die handelsooreenkoms staan bekend as SACIM (Southern African Centre for Ivory Marketing), maar sal eers begin handel dryf ná konsultasie met Cites.

Wanneer *Traffic International* in Januarie hul eerste tak in Suidoos-Afrika open, sal dit die belangrikste poging wees tot streeksamewerking om handel in bedreigde spesies te bekamp, sê bewaringsbewustes. Vir die eerste keer sal ook saamgewerk word om plantspesies in te sluit in dié stryd. **ESMAANDERSON** stel ondersoek in

DIE Suidoos-Afrikaanse tak van Traffic International (Trade Records Analysis of Flora and Fauna in Commerce) - die grootste internasionale organisasie wat handel in veral bedreigde spesies bekamp - is dié organisasie se eerste tak in Afrika. Dié stap word verwelkom deur bewaringsbewustes in Afrika - wat meen dis 'n broodnodige stap wat lankal gedoen moes gewees het.

Dié organisasie gaan nou uiteindelik probeer om onwettige ivoorhandel by die wortels uit te roei: in Afrika, waar duisende olifante en renosters jaarliks onwettig geskiet word net om die ivoor en die horings uit te slag.

Traffic International is al in 1976 gestig en het reeds takke in Europa, Suid-Amerika, Suid-Oos Asië, asook kantore in Japan en die VSA.

Die hoofkantoor van die Suidoos-Afrikaanse tak, met Tom Williken aan die spits, gaan in Lilongwe, Malawi, gebaseer wees, met nog kantore in Johannesburg en Dar-Es-Salaam.

Dr John Hanks, die uitvoerende direkteur van die SA Natuurstigting, sê dis die belangrikste poging wat nog aangewend is tot samewerking op streeksvlak om onwettige handel in bedreigde spesies te bekamp.

"Dis hartseer dat dit nou eers gebeur. Dit is eers die laaste vyf jaar dat die internasionale gemeenskap hulle ontferm oor Afrika. Dis jammer dat die Afrika-olifant eers bedreig moet wees voordat iemand omgee en iets daartoe doen," sê Dr John Legder, die direkteur van die Endangered Wildlife Trust.

Mense beskou gewoonlik net olifante en renosters, of soms ape, as bedreigde spesies. Die bedreiging van talle ander spesies - voëls, reptiele en plante - word oor die hoof gesien.

Traffic kan 'n groot rol speel veral in die bekamping van handel in bedreigde plantspesies soos die broodboom, sê Hanks. "Plante word gewoonlik geïgnoreer omdat mense nie emosioneel so betrokke raak by die uitroeiing van plante nie.

"Mense reageer baie meer emosioneel as 'n olifant geskiet word, maar al hoe meer plantspesies word bedreig en mense steur hulle nie veel daaraan nie.

"Om die natuur te bewaar, is 'n groot biologiese verskeidenheid noodsaaklik. Dit sluit diere én plante in," sê Hanks.

Milliken sê Traffic gaan vroeg volgende jaar 'n plantdeskundige aanstel om veral na dié probleem om te sien. Hulle wil veral toesien dat die getalle van plante deeglik dopgehou moet word, omdat plantspesies baie vinniger uitgeroei word as wat die algemene mening is.

Die bekendste plantspesie wat ondersoek sal word, is die broodboom - waarvoor daar plaaslik en internasionaal 'n groot mark is.

"Hoewel Suid-Afrika baie goeie omge-



Miljoene voëls soos dié Suid-Amerikaanse rooi papageai word jaarliks ingevoer.

wingsbestuur toepas, word te min aandag aan plante gegee," meen Milliken. "Ons sal probeer om die gevaar vir plantspesies onder die publiek se aandag te bring, hier en in die buiteland."

Om te onderstreep hoe belangrik Traffic se werk is, verwys Milliken na 'n artikel in *Our Living World*, die mondstuk van die SA Natuurstigting, waarin uitgewys word dat "meer as 40 000 lewende primate, 4 miljoen lewende voëls, 10 miljoen reptielvolle, 15 miljoen pelse, 1 miljoen orgideë en 350 miljoen tropiese visse jaarliks verhandel word. Meer as 'n derde hiervan is onwettig."

"Voorsorg is beter as nasorg," sê Milliken. Daarom gaan Traffic International ook aandag gee aan spesies wat nie bedreig is nie, omdat baie van dié spesies vinnig verminder weens handel. Veral tuinboukundiges en voëlversamelaars kom onder die loep. Vandag staan baie Suid-Amerikaanse voëlsoorte op die randjie van uitwissing omdat voëlversamelaars so baie daarvan aankoop. Suid-Afrika is hoeka die derde grootste voël-invoerder ter wêreld.

Traffic wil ook 'n data-basis saamstel oor die tradisionele gebruike van wildsprodukte in veral tradisionele medisyne, omdat hulle ook wil toesien dat dié markte nie deur onwettige diere-produkte gevoed word nie.

Milliken sê die kantoor in Johannesburg sal in Januarie 1992 begin werk en is 'n baie hoë prioriteit, omdat baie onwettige wildlewe-produkte deur Suid-Afrika beweeg op pad na ander bestemmings.

Hy meen sy organisasie kan Suid-Afrika help om beter beheer toe te pas op goedere wat die land uit buurstade binnekom. Suid-Afrika kan nie streng beheer toepas op goedere nie weens 'n ooreenkoms met die Suider-Afrikaanse Doeanes Unie. Traffic kan help om inkomende vragte dop te hou, veral omdat hulle ook bedrywighal wees in ander lande in die streek.

Traffic International wil ook 'n tak open in Wes-Afrika, waarby veral Franssprekende Afrika-lande betrek sal word. Uiteindelik hoop hulle om die hele Afrika só te bedien.

Nu Metro - Jhb

ONAFHANKLIKE ROLPRENTTEATERS

NU METRO 1-10 VILLAGE WALK 883-9558 NU METRO 1-7 HILLBROW 725-1095

REGARDING HENRY Harrison Ford, Annette Bening (2-10) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	DOUBLE IMPACT Jean-Claude Van Damme (2-16) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
SHOWDOWN IN LITTLE TOKYO Dolph Lundgren, Brandon Lee (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00	ONE GOOD COP Michael Keaton, Rene Russo (2-13) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THELMA & LOUISE Susan Sarandon, Geena Davis (2-18) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15	SHOWDOWN IN LITTLE TOKYO Dolph Lundgren, Brandon Lee (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
